

HOOFSTUK 1

VOORBEREIDINGS

1.1 Inleiding

Vanaf die Patristiese tydperk (Ska 2006:96), wat strek vanaf 100 n.C. tot 450 n.C. en vir jare daarna tot ongeveer 1100 n.C., was Moses deur die kerk aanvaar as die outeur en samesteller van die Pentateug. Die aanname vir sy outeurskap kan toegeskryf word aan die Hellenisme se oortuiging dat 'n belangrike werk nie anoniem kon wees nie. In hierdie tydperk is daar nie krities na probleme of dupliseringe in die teks gekyk nie. Die groot klem het aanvanklik daarop geval dat die Christelike kerk teen die Judaïsme en Klassieke kulture beskerm moes word. Skrifinterpretasie was gegrond op 'n allegoriese verstaan van die Bybel en daar was algemeen aanvaar dat dit die enigste metode was om die Bybel te interpreteer en te aktualiseer (Le Roux 2011:97-98).

1.2 Die kleredrag word ontwerp en gemaak

1.2.1 Vanaf die tradisie tot by Richard Simon

Die eerste kritiese vraag oor die outeurskap van die Pentateug word deur Abraham Ibn Esra (1092-1167n.C.) gestel (vgl. Houtman 1980:28-29; Spinoza 1951:121). Hy maak geen aansprake nie omdat hy bang was vir vervolging indien hy die outeurskap van Moses sou bevraagteken. Hy vind dit wel vreemd dat Moses in Genesis 12:6 verwys na die Kanaäniete wat “in daardie tyd” nog die land bewoon het, eerder as wat Moses sou skryf dat “die Kanaäniete nou die land bewoon” (vgl. Deist 1984:5). Vir jare na Ibn Esra is die hele kwessie oor die outeurskap van die Pentateug onaangeraak en eers met Benedictus Spinoza (1632-1677) het hierdie saak weer na vore gekom. Vir Spinoza was die Bybel nie die bron van historiese, natuurlike of spekulatiewe kennis nie (Frei 1974:42-46). Volgens Spinoza (1951:175-181) verskaf die Bybel riglyne oor die wyse waarop daar reg en gehoorsaam voor God gelewe moet word.

Spinoza wou die werklikheid rasideel verklaar. Vir hom was die wêreld 'n eenheid en nie drie afsonderlike substansies nie. Spinoza het geglo dat God die enigste ware substansie is. God was egter vir hom nie los van sy skepping nie, maar Hy was die totaliteit van alles en elke voorwerp. Spinoza kry dit reg om vir die eerste keer die historiese taak van die Ou-Testamentikus baie duidelik uiteen te sit (Boccaccini 2002:15-16). Sy bydrae was ook baie belangrik vir die historiese verstaan van die Ou Testament - dit word die patroon wat deur die ander Ou Testamentici gebruik word om die kleredrag vir die Wellhausendrama op uit te sny.

Spinoza maak die volgende stellings (vgl. ook Harrisville & Sundberg 1995:43-64):

- i Volgens Spinoza (1951:98-99) is daar geen verskil tussen die metodes wat deur Skrifverklaarders en wetenskaplikes gebruik word nie. Beide moet die geskiedenis inspan om sekere data te versamel en beginsels daaruit af te lei. Spinoza beskou die Jode se reaksie om alles wat gebeur aan God toe te skryf as anachronisties.
- ii Die eksegeet moet altyd rasideel met die Skrif omgaan en nooit op openbaring of inspirasie terugval nie. Al die kennis oor die Skrif moet uit die Skrif self kom (Spinoza 1951:190-199).
- iii Die waarheid van die Skrif is dit wat die menslike rede kan erken sonder dat hy gehelp word in sy verstaan. Die betekenis van die Skrif moet inpas by die ervaring van die rede van mense soos wat die mens dit elke dag beleef (Spinoza 1951:195).
- iv Spinoza (1951:101) gee ook aanduidings oor hoe die eksegeet sy historiese taak moet uitvoer: Eerstens moet hy 'n besondere kennis hê van die taal waarin die Bybel geskryf is en tweedens moet sake volgens temas gegroepeer word en derdens moet die konteks ook in ag geneem word (vgl. Boerman 2009:94).

Spinoza (1951:98-99) maak ook belangrike uitsprake aangaande die Pentateug. Hy is van mening dat Moses nie die skrywer van die Pentateug is nie (vgl. Houtman 1980:37-39). Hier sluit hy aan by rabbi Abraham Ibn Esra en argumenteer dat Moses nie die Pentateug kon geskryf het nie, maar dat dit waarskynlik deur Esra geskryf is (Ska 2006:101). As motivering word die volgende verduidelikings gegee:

- i Te veel materiaal in die Pentateug weerspreek 'n Mosaïese outeurskap.
- ii Te veel gegewens in die Pentateug spruit uit 'n tydperk na Moses.

Een aspek van Spinoza (1951:175-181) se aansprake wat 'n invloed op die benadering van Wellhausen gehad het, was sy stelling dat dieselfde metodes gevolg moet word om die Bybel te verklaar as wat wetenskaplikes gebruik om die natuur te bestudeer. Wellhausen het hierdie beginsel toegepas in sy literêre kritiek en die Ou Testament as 'n gewone boek benader.

Richard Simon (1638-1712) het die outeurskap van Moses gehandhaaf (Ska 2006:101) maar met sekere voorbehoude. Hy was 'n Rooms Katolieke priester wat in sy *Histoire critique du Vieux Testament* wou aantoon dat die gesag van Genesis nie afhang van die Mosaïese outeurskap nie. Verder wou hy daarop wys dat die Goddelike inspirasie niks met die outeurskap te doen het nie. Die finale vorm van die Pentateug is volgens hom nie die werk van Moses nie, maar van die Skrifgeleerdes en die rigters uit die tyd van Esra. Hy was een van die eerstes wat geredeneer het dat die Pentateug uit 'n aantal dokumente saamgestel is (Campbell & O'Brian 1993:1).

Daar was veral vier dinge wat vir Simon gepla het met die lees van die Pentateug (Lambe 1985:169-170; Rieger 2004:1327). Eerstens was die anachronismes in die tekste vir hom 'n probleem. Tweedens was daar te veel herhalings wat verwarrend was. Vir Simon was die enigste logiese verduideliking vir hierdie herhalings die bevinding dat die gedeeltes aan latere skrywers of samestellers toegedig moes word. Verla die sondvloedverhaal in Genesis 7:17-24 kon as 'n baie goeie voorbeeld voorgehou word. Volgens Simon sou slegs een outeur die herhalings vermy het, want dit skep verwarring en die verhaal sou hiersonder beter afgerond gewees het. Dertens het die onlogiese volgorde van sekere hoofstukke in die Pentateug ook vir Simon gehinder. Hy skryf dit daaraan toe dat die latere skrywers wat die Pentateug oorgeskryf het, op klein boekrolle en los bladsye geskryf het en dat alles op 'n stadium deurmekaar geraak het. So word daar in Genesis 1:27 na die vrou verwys nog voordat sy geskep is.

Vierdens het die verskillende stylvorme in die Pentateug Simon finaal daarvan oortuig dat Moses nie die skrywer van die Pentateug kon wees nie. Simon verklaar hierdie vier probleemareas deur Moses se bydrae tot slegs dit wat hyself eerstehands waargeneem het, te beperk. Volgens hom is Moses net betrokke by die neerskryf van die wette en gebooië. Ander gedeeltes is aan ander skrywers toegedig (Le Roux 2010; Reventlow 2001:88-89).

Simon se denke was egter ver voor sy tyd en sy werk word verban. Hy verloor ook sy priesterskap in die kerk. Dit is eers ongeveer 'n honderd jaar later dat daar meer waardering was vir sy werk en dat die waarde van Simon se bydrae tot die tradisie-historiese benadering ten volle besef is. Richard Simon se aandeel in Wellhausen se bronnenteorie lê daarin dat hy die eerste was wat waargeneem en die stelling gemaak het dat daar meer as een dokument gebruik is in die samestelling van die Pentateug.

1.2.2 Die eerste treë na 'n bronnenteorie

Jean Astruc (1681-1766) word deur sommige beskou as die vader van die bronnenteorie (Gertz 2011:1). Astruc was nie primêr 'n teoloog nie, maar 'n befaamde mediese dokter (O'Doherty 1953:300; Smend 2007:1). Hy was die persoonlike geneesheer van koning Louis XV van Frankryk (Schmidt 1982:47). Astruc se vader was 'n Gereformeerde predikant in Aigremont. Hy het 'n groot invloed op sy seun gehad, onder andere omdat hy hom onderrig het in die lees van Hebreeus. Dit is dan ook die rede waarom dit vir Astruc moontlik was om sonder noemenswaardige teologiese opleiding die Hebreeuse teks so bedrewe te hanteer. In 1753 verskyn daar 'n boek deur Jean Astruc wat volgens Smend (2007:7) verpligte leesstof vir elke teologiese student behoort te wees.

Die boek is getiteld *Conjectures sur les memoires originaux Dont il paroît que Moyse s'est servi pour composer le Livre de la GENESE*, wat beteken "Teorieë oor die oorspronklike dokumente wat Moses waarskynlik gebruik het om die boek van Genesis mee saam te stel". Wat vir Astruc pla met die lees van Genesis is:

“Waar het Moses sy inligting vandaan gekry om Genesis te kon skryf?” Twee moontlike antwoorde word oorweeg. Die eerste opsie is dat Moses van openbarings gebruik gemaak het. Die tweede moontlikheid is dat Moses oor die getuienis van mense beskik het. Astruc verwerp die eerste antwoord aangesien Moses geen melding van openbarings maak nie. Volgens hom is die mees logiese verduideliking dat Moses toegang tot skriftelike getuienis of dokumente gehad het.

Jean Astruc kon met sy kennis van die Hebreuse teks daarin slaag om Genesis in verskeie kolomme te groepeer (vgl. 'n opsomming van hierdie kolomme by Houtman 1980:53-55). Al die tekste wat die Godsnaam *Elohim* gebruik, het hy in kolom A gegroepeer en die tekste wat die Godsnaam *Jahwe* gebruik, in kolom B. Die gedeeltes waar herhalings van dieselfde gebeure voorkom maar geen Godsnaam gebruik word nie, val in kolom C. Kolom D bestaan uit die gedeeltes van gebeure wat niks met die Joodse volk te doen het nie.

Uit die kolomme wat Astruc opgetrek het oor Genesis het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die Pentateug uit twee bronne bestaan. Die een bron gebruik *Elohim* en die ander gebruik *Jahwe* as God se naam (O'Doherty 1953:301-303; Rogerson 1984:19). Hy verskil van Simon wat veronderstel dat Moses die twee bronne saam met tien ander fragmente gebruik het om die Pentateug te skryf. Hierdie aspek van Astruc se werk (Blenkinsopp 1992:3), naamlik die variasie in die gebruik van die Godsnaam, lei tot die latere Pentateugkritiek en die vaslegging van Wellhausen se bronneteorie (vgl. Wellhausen 2004:14). Astruc het dit gesien as die bewys dat die Pentateug uit verskillende bronne bestaan. Sy sienings dui daarop dat die ontstaan van die Pentateug baie meer ingewikkeld is as die vroeëre aanname dat slegs Moses die outeur en skepper van die Pentateug was.

In die agtiende eeu word daar op die konteks en die geskiedenis van die teks gefokus, maar sonder om rasionaliteit in te boet. Johann Gottfried Herder (1744-1803) is grootliks deur die piëtisme van sy vriend en mentor Johnn Georg Hamann (1730-1788) beïnvloed (Frei 1974:183). Herder het veral gevoel dat 'n mens een met die teks

en sy konteks moet word om die teks werklik te kan verstaan. Hy gebruik die term *Einführung* om die éénwording van die leser met die teks en gepaardgaande konteks te beskryf. Hierdie éénwording was egter bloot 'n historiese ondersoek na die konteks waarin die teks afgespeel en ontstaan het. Die historiese ondersoek word deel van Bybelse hermeneutiek en die wortels hiervan lê in die *Aufklärung*. Dit is baie duidelik dat die vraag na die historiese konteks en wat presies bedoel word met “historiese”, in die *Aufklärung* 'n nuwe betekenis kry.

Vanaf die agtiende eeu was daar hoofsaaklik twee rigtings wat gevolg kon word met betrekking tot Bybelinterpretasie (Frei 1974:17). Die een rigting het gefokus op die geskiedenis, dit is die oorsprong van die teks en die betroubaarheid van geskrewe gedeeltes. Die ander rigting het gepoog om die onderliggende waardes en morele lesse wat in die gedeeltes vervat is, te bepaal. Hierdie fokusverskille ten opsigte van geskiedenis en rede in interpretasie het reeds in die agtiende eeu begin, maar tot laat in die negentiende eeu voortgeduur.

1.2.3 Verdere treë na 'n bronneteorie

Die insig dat die Pentateug se ontstaan 'n ingewikkelde eerder as 'n eenvoudige proses was, het ruimte gelaat vir 'n nuwe benadering ten opsigte van die bestudering daarvan. Die historiese kritiek dat die Pentateug nie slegs uit een bron nie, maar uit verskeie bronne bestaan, het grootliks tot nuwe insigte bygedra.

Gedurende die agtiende en negentiende eeu het daar hoofsaaklik twee benaderings ontwikkel, naamlik 'n fragmentteorie en 'n vroeë bronneteorie. Hierdie twee sienings is bydraend tot Wellhausen se klassieke bronneteorie. Bogemelde teorieë se kerngedagtes asook die geleerdes wat dit ondersteun het, word kortliks weergegee:

1.2.3.1 Vroeë bronneteorie

Die vroeë bronneteorie (ook bekend as die oorkonde-hipotese Deist 1984:38) se vertrekpunt was dat die Pentateug uit 'n klomp onafhanklike bronne bestaan het.

Hulle het selfstandig en los van mekaar ontwikkel en is later deur 'n redakteur of redakteurs bymekaar gevoeg om 'n eenheid te vorm. Die ondersteuners van hierdie vroeë bronneteorie was Johann Gottfried Eichhorn (1752-1827) en Karl-David Ilgen (1763-1834) (Ska 2006:102-104). Eichhorn het twee bronne onderskei naamlik, 'n Elohisbron (E) en 'n Jahwisbron (J) (Houtman 1980:57-62). Eichhorn was die leermeester van Heinrich Ewald wat weer Julius Wellhausen se leermeester geword het (Ebach 1982:694-696). Volgens Ilgen is daar twee Elohis-bronne en een Jahwis-bron (Seidel 1993:93). Hierdie siening is later (1853) deur Hermann Hupfeld (1796-1866) ondersteun en verder uitgebrei. Wellhausen verwys in sy boek *Die Composition des Hexateuchs und der Historischen Bücher des Alten Testaments* (1963) terug na die sienings van Hupfeld en hoe hy daarby aansluit of verskil.

1.2.3.2 Die fragmentteorie

Volgens die ondersteuners van die fragmentteorie is dit die diversiteit asook die nie-vloeiendheid van die materiaal wat bepalend is wanneer daar besluit moet word of die Pentateug uit onafhanklike fragmente of tradisies bestaan. Die verskillende fragmente is later deur 'n redakteur saamgevoeg om die Pentateug te vorm. Hierdie fragmente was nie lang verhale nie, maar oorlewerings oor bepaalde figure in die geskiedenis (Whybray 1987:17-18). Alexander Geddes (1732-1802), 'n Skotse en Rooms-Katolieke priester het hierdie standpunt reeds in 1792 gehuldig (Houtman 1980:62-63; Nicholson 1998:7). Johann Severin Vater (1771-1826) stel hierdie teorie aan die Duitsers bekend waarna dit groot aanklank vind by Wilhelm Martin Leberecht de Wette (1780-1849). De Wette het hierdie teorie egter nie net so aanvaar nie, maar heelwat veranderings aangebring.

Die fragment- en die bronneteorie het nie versmelt nie aangesien daar fundamentele verskille in hul metodologie was. Beide het metodes van literêr-kritiese teksanalises gebruik gemaak, maar het verskil ten opsigte van die tekste wat gebruik is. Die vroeë bronneteorie het verhalende gedeeltes van die Pentateug as vertrekpunt gebruik.

Volgens hierdie teorie dui die duplisering in die teks op die bestaan van parallelle onafhanklike bronne. Die voorstanders van die fragmentteorie het die wetskorpuse van die Pentateug as vertrekpunt geneem. Aangesien dit moeilik was om parallelle materiaal in dié stof te kry, het hulle die gevolgtrekking gemaak dat die wetskorpuse saamgestel is uit klein versamelings regsmateriaal. Hierdie metode is uitgebrei na die res van die Pentateug. Dit was egter moeilik om die verhalende gedeeltes van die Pentateug op 'n soortgelyke wyse te verklaar.

Die siening van die vroeë bronneteorie, naamlik dat die Pentateug die produk is van verskillende oorspronklike, selfstandige bronne wat later deur 'n redakteur bymekaargebring is, is deur die meeste Ou Testamentici gedurende die negentiende eeu aangehang. Die finale voorbereiding vir die toneelstuk waarin Wellhausen die hoofrol speel, begin met die aanvang van die negentiende eeu en die bydrae van Wilhelm De Wette.

1.2.4 Vanaf De Wette tot by Hupfeld

Rogerson (1992) beskryf Wilhelm Martin Leberecht De Wette (1780-1849) in die titel van sy boek as “Die ontdekker van die moderne Bybelkritiek”. Ook Wellhausen (2001:4) het De Wette beskryf as *dem epochemachenden Eröffner der historischen Kritik auf diesem Gebiete*. Hasel (1972:24) beskou De Wette se werk van 1813, *Biblische Dogmatik*, as die eerste tree op die weg van rasionalisme. Hy sê ook die volgende oor De Wette en sy werk: *He became the first Biblical theologian who combined Biblical theology with a system of philosophy. His higher synthesis of faith and feeling moved in a 'genetic development' of religion from Hebraism via Judaism to Christianity.*

De Wette het in 1799 sy teologiese studies begin aan die Universiteit van Jena en is in hierdie tydperk sterk beïnvloed deur Immanuel Kant en veral sy publikasie *Der Streit der Fakultäten*. De Wette is ook sterk beïnvloed deur die filosofie van J.F. Fries, 'n volgeling van Kant (Rogerson 1984:38-39). Fries se idees het 'n bevredigende alternatief gebied op die rasionalisme se ontmitologisering van die Ou Testament ten einde die historiese feite te bekom.

Volgens De Wette verskaf die tradisies wat in Genesis tot Numeri voorkom, geen bewys dat die vroeë geskiedenis van Israel waar is nie (Rogerson 1984:33-34). Dit is eerder 'n refleksie van Israel se spirituele ingesteldheid in die tydperk na die monargie omdat dit in hierdie tyd ontstaan het. Dit sal onvanpas wees om hierdie tradisies te ontmitologiseer ten einde te bepaal watter gegewens histories waar is. Die korrekte benadering sal wees om die verhale as oorspronklike uitdrukkings te sien van die Joodse volk se godsdienstige belewenis. In sy kritiek op die rasionalisme vervolg De Wette in Graham (1990:14): *People have in this modern time played a foolish game with this pragmatic method, especially in the field of biblical history. People have wanted to explain everything into connection, set everything in a row in one color. People have forgotten the regard which they should have had for history, with profane curiosity people wanted to draw away the veil which lay over so many details.*

De Wette gebruik die perspektief van die historiese kritiek om die Ou Testament te lees en te verstaan. Sodoende word 'n ander geskiedenis van Israel aangebied as die een wat in die Ou Testament aangetref word. Die “waar” en “hoe” die Ou Testament geskryf is, word die vertrekpunt om 'n verskillende weergawe van Israel se geskiedenis te stel. Hierdie werkswyse van De Wette het die weg gebaan vir akademici na hom wat op sy gevolgtrekkings uitgebrei het. Sy insigte het gelei tot 'n duideliker prentjie van die geskiedenis van Israel. Die reformasie en transformasie van die godsdiens van Israel is ook hierdeur belig.

In 'n voetnota van sy Latynse proefskrif vir sy dokorale studies *Dissertatio critica qua a prioribus Deuteronomium pentateuchi libris diversum, alius cuiusdam recentiori auctoris opus esse monstratur* (1805), beweer De Wette dat die wetboek wat deur koning Josia (2 Kon. 22-23) gedurende 622 v.C. in die tempel ontdek is en aanleiding gegee het tot sy hervormings, dieselfde wetboek is waarvan in Deuteronomium vermeld word (Smyth 2000: 343-358; West 1981:64). Die spesifieke gedeeltes wat in hierdie wetboek vervat is, word egter nie deur De Wette aangedui nie. De Wette het ook die verbondsboek (Eks. 23:20-33) met Deuteronomium 6-7 vergelyk en bevind dat Deuteronomium dele van Eksodus aanhaal. Hiervolgens het hy die afleiding gemaak dat Deuteronomium deur 'n latere skrywer geskryf moes gewees het en dit dus 'n latere bron moet wees (Rofé 1999:62-65).

622 v.C. het 'n baie belangrike datum geword in die chronologiese samestelling van die Pentateugbronne en vir latere studies oor die Pentateug (Campbell *et al* 1993:3). Vir die eerste keer was daar 'n vaste historiese punt vanwaar die Pentateug bestudeer kon word. Hierdie datum staan bekend as die Archimediese punt (*Archimedean Point*) en het aanleiding gegee tot Wellhausen se bronneteorie (Otto 2007:21). M.J. Paul (1988) voer 'n breedvoerige argument in sy boek *Het Archimedisches Punt van de Pentateuchkritiek* ten einde die verhouding tussen Deuteronomium en die reformatie van koning Josia aan te toon. Paul beskryf ook hoe hierdie datum bygedra het tot die totstandkoming van Wellhausen se *Prolegomena* (vgl. ook Moberly 2001:143-154).

Gedurende De Wette se bestudering van die Pentateug het hy tot die volgende gevolgtrekkings gekom in sy *Beitrage zur Einleitung in das Alte Testament* van 1806-1807 (Rogerson 1992:40-42; 1984:34):

- i Deuteronomium is 'n onafhanklike bron wat later as die ander Pentateugboeke geskryf is;
- ii Moses is nie die outeur van die Pentateug nie;
- iii Genesis bestaan uit twee bronne;
- iv In die werk van Numeri en Eksodus sien hy die hand van meer as een skrywer.

Hierdie ontdekkings van hom het later die basis geword van baie histories-kritiese studies in die Ou Testament.

De Wette het drie bronne in die Pentateug geïdentifiseer, naamlik die E-bron (Elohis) wat die oudste bron is en die raamwerk vorm, asook die Jahwis en Deuteronomium wat deel vorm van die Elohis se raamwerk. De Wette se insig dat Deuteronomium later as die Jahwis en die Elohis geskryf is, was besonder waardevol vir Wellhausen. De Wette in Smend (2007:48) wys daarop dat Deuteronomium ten opsigte van inhoud sowel as vorm, soveel van die voorafgaande boeke verskil, dat dit slegs afkomstig kan wees van 'n ander skrywer uit 'n later tydperk. De Wette meld ook dat aanbiddingsplekke in Deuteronomium heelwat verskil teenoor aanbiddingsplekke in vroeëre boeke. In Deuteronomium mag daar volgens die hervormingsvoorskrifte van koning Josia slegs op een plek geoffer word terwyl sulke beperkings nie in Genesis of Eksodus aangedui word nie. Reeds in Deuteronomium kry ons dus die eerste tekens van 'n sentralisering van die godsdiens van Israel. Hierdie stelling word breedvoerig deur Wellhausen (2004:20-65) in sy *Prolegomena* aangetoon.

Alhoewel Hermann Hupfeld (1796-1866) nooit 'n student van De Wette was nie, was hy 'n vurige ondersteuner van sy bevindings en poog hy om dit verder uit te bou (Rogerson 1984: 131-134). Hupfeld verwerp die sogenaamde positiewe kritiek van Ewald en Hitzig; hy verkies eerder De Wette se sogenaamde negatiewe kritiek wat Israel se literatuur en godsdiens as 'n geheel gebruik het.

Hupfeld het twee belangrike bydraes gelewer tot Wellhausen se bronneteorie (Ska 2006:108). Eerstens het Hupfeld ontdek dat die Elohis-bron in Genesis eintlik uit twee ander bronne bestaan, naamlik 'n vroeë Elohis of priesterlike bron (aangedui as E₁) en 'n latere Elohis (aangedui as E₂) (Nicholson 1998: 8-9). Volgens Hupfeld is die ouer priesterlike bron (E₁) die basisbron of die raamwerk van die Pentateug. Hupfeld wil hierdie *Urschrift* reconstrueer en aantoon dat dit een samehangende gedeelte is wat geen herhalings en teenstrydighede bevat nie (Houtman 1980:70-71). Vervolgens het hy het die Jahwis asook die latere bron van die Elohis (E₂) saamgevoeg.

Die invloed van die vroeëre priesterlike bron (E₁) het hy beperk tot slegs die verhalende gedeeltes van Genesis en Eksodus omdat dit aan 'n vroeëre datum gekoppel kon word. Die kultiese gedeeltes van Eksodus, Levitikus en Numeri was uit 'n later tydperk afkomstig. Tweedens ag hy die bronneteorie as belangriker as die fragmentteorie (Ska 2006:108). Wellhausen verwys in sy *Prolegomena* ook na die bevindings van Hupfeld (vgl. 2004:15;17;89 en 195). Hupfeld het dus vier bronne geïdentifiseer, naamlik: Elohis₁, Elohis₂, Jahwis en Deuteronomium. Die ouderdomme van die bronne blyk duidelik uit die wyse waarop dit deur hom gerangskik is.

Byna al die geleerdes het steeds 'n onderskeid getref tussen die regs materiaal van die Elohistiese bron (E₁) en die verhalende gedeeltes. Die verhalende gedeeltes is as deel van die oudste materiaal gesien. Die insigte van Karl Heinrich Graf (1815–1869), 'n Ou-Testamentikus en kenner van Oosterse tale, was egter baie betekenisvol in hierdie verband. Hy verkry internasionale erkenning vir sy sienings deurdat die teorie as die Graf-Wellhausen bronneteorie bekend staan. Die invloed van geleerdes soos Reuss, Vatke, George en Kuenen op Graf kan egter nie geringgeskat word nie (Gertz 2011:1; Ska 2006:108-109).

1.2.5 Die rol van Reuss, Vatke, George, Kuenen en Graf

Volgens Wellhausen (2004:12) is Graf se teorie nie net sy eie nie. Die oorsprong daarvan kan terughertrek word na Eduard Reuss (Graf se leermeester), Leopold George en Wilhelm Vatke. Reuss (1804-1891) was 'n professor in die Ou Testament by die Universiteit van Strassburg, Duitsland. Terwyl Reuss in 1833 verbode was aan die Gereformeerde Kerk in Frankryk, het hy 'n artikel geskryf waarin sy teorie oor die datering van die bronne uiteengesit is (Wellhausen 2004:13). Hierdie teorie het 'n enorme bydrae tot Graf se teorie oor die datering van die regs materiaal gelewer. Reuss se artikel is egter eers jare daarna (1879) in *L' Histoire Sainte et la loi* gepubliseer, aangesien hy bekommerd was dat sy sienings 'n sterk negatiewe reaksie uit die geleerde van die konserwatiewe teoloë kon ontlok. Hy was selfs bang dat daar teen hom opgetree sou word.

In dié artikel maak Reuss (1879:23-24) die volgende stellings (eie vertaling uit Frans):

- i Die historiese element van die Pentateug kan en moet afsonderlik ondersoek en nie verwar word met die wettiese element nie.
- ii Die twee (die verhalende en regs materiaal) het bestaan sonder skriftelike redaksie. Die verwysing na die voormalige skrywers, sommige van patriargale tradisies of Mosaïese herkoms, bewys nie die bestaan van die Pentateug nie. 'n Nasie kan 'n gebruikelike reg hê om sonder 'n kode te skryf.
- iii Nasionale tradisies van die Israeliete gaan terug na die tydperk voor die wette van die Pentateug. Die opstel van Israel se tradisies is vroeër as dié van die regs materiaal van die Pentateug.
- iv Die belangrikste taak van die historikus is om die datum van die wet te bepaal, want op grond hiervan is daar 'n beter kans om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom. Die historikus moet dienooreenkomstig die ondersoek voortsit met die bestudering van getuies.
- v Die verhale wat in die boeke van Rigters en Samuel vertel word en selfs in 'n deel van die boeke van die Konings, is in stryd met die Mosaïese wetskorpuse. Hierdie regs materiaal was onbekend in die tyd van die opstel van hierdie boeke. Hulle het nie bestaan in die tyd wat daarin beskryf word nie.
- vi Die profete van die sewende en die agste eeu dra geen kennis van die Mosaïese wetskorpuse nie.
- vii Jeremia is die eerste profeet wat 'n wet geskryf en aanhalings met betrekking tot Deuteronomium gemaak het.
- viii Die priesters beweer dat Deuteronomium 4:45-28:68 die boek is wat gevind is in die tempel in die tyd van koning Josia. Hierdie wetskorpuse is die oudste deel van die regs materiaal wat ingesluit is in die Pentateug.
- ix Die verhaal van die Israeliete (dit is die nasionale ontwikkeling wat bepaal wanneer die wette geskryf is) sal verdeel word in twee periodes voor en na Josia.
- x Esegïel bestaan reeds voor die opstel van die wetskorpuse en rituele wette wat die hiërokrasie georganiseer het.

- xi Die boek van Josua is nie lank daarna geskryf nie en is die mees onlangse gedeelte van die hele werk.
- xii Die redakteur van die Pentateug is duidelik onderskeibaar van die antieke profeet Moses (vgl. ook Hayes 1982:38; Wellhausen 2004:13).

Met die skryf van die artikel het Reuss die problematiek ten opsigte van die plek en die datering van die regs materiaal onder die vergrootglas geplaas, maar nie werklik 'n oplossing aangebied nie. Sy skrywe het duidelik 'n onderskeid getref tussen dit wat tot op daardie stadium oor die begin van Israel se geskiedenis geglo is en die werklike geskiedenis. Reuss argumenteer dat P nie die oudste van die Pentateugbronne is nie, maar wel die jongste (Nicholson 2006:9; Otto, 2011:4). Hy beperk egter hierdie datering van P slegs tot die boeke van Eksodus, Levitikus en Numeri. Een van Edourd Reuss se leerlinge in Strassburg was Karl Heinrich Graf. Reuss het dan ook aan Graf die moontlikheid geopper het dat Hupfeld se Elohis (E1) waarskynlik die oudste bron van die Pentateug is (Wellhausen 2004:12-13).

Leopold George (1811-1873) (Rogerson 1984:63-67) was aanvanklik 'n toegewyde volgeling van die filosofie van Schleiermacher, maar het dit later verruil vir die sienings van Hegel (Rogerson 1984:63-67). George het 'n groot invloed op Wellhausen en die daarstelling van sy bronneteorie gehad. Twee bydraes van George was veral belangrik - die eerste bydraend tot die bronneteorie se ontwikkeling vanaf De Wette tot by Wellhausen: Volgens George het Levitikus, Numeri en dele van Eksodus na Deuteronomium ontstaan. Hierdie stelling impliseer dat Deuteronomium nie meer die samesteller of laaste dokument was wat die Pentateug afgesluit het nie, maar dat dit eerder die begin van die proses inlei. Verder het dit beteken dat die datering van die Pentateug se finale samestelling gewysig moes word.

Tweedens was George se bydrae tot Wellhausen se *Prolegomena* veral duidelik in sy beskrywing van die Joodse feeste. George se boek *The older Jewish festivals*, geskryf in 1835, het spesifiek oor die ou feeste van Israel gehandel.

Volgens hom is daar 'n ooglopende ontwikkeling van die Joodse feeste wat daarop dui dat Levitikus, Numeri en dele van Eksodus eerder na die boek Deuteronomium moes gewees het. Die bespreking van hierdie feeste asook die ontwikkeling van Israel se godsdiens figureer duidelik in Wellhausen se *Prolegomena*. Leopold George se boek *Jewish Festivals* en sy bydrae tot die bronneteorie het nooit werklik die erkenning gekry wat dit verdien het nie.

Twee faktore was waarskynlik hiervoor verantwoordelik. Eerstens word die verskyning van George se boek oorheers deur die publikasie van *Life of Jesus* deur Strauss en *Biblical Theology* deur Vatke (Rogerson 1984:69). Die antagonisme wat na die verskyning van Strauss se boek opvlam, spoel oor na die werke van Vatke en George en hulle boeke word nie op eie meriete beoordeel nie. Tweedens word George se sienings oor die Ou Testament vervang deur 'n nuwe fokus op die insigte van Hegel. Hierdie verskuiwing dra daartoe by dat George se werk minder aandag geniet.

Daar kan slegs gespekuleer word oor die gevolge indien George en Vatke se boeke 'n paar jaar voor Strauss se *Life of Jesus* verskyn het. Waarskynlik sou dit dan heelwat minder teenkating van veral die konserwatiewe Hengstenbergskool ontvang het. Die Hengstenbergskool is vernoem na Ernst Wilhelm Theodor Herrmann Hengstenberg (1802 - 1869), 'n Lutheraan en neo-Lutheraanse teoloog. Hy het hom verset teen enige vorm van rasionaliteit, veral as dit gekom het by 'n kritiese beoordeling van die Ou Testament. (Ernst Wilhelm Hengstenberg 2011)

Volgens Wellhausen (2004:12) het Wilhelm Vatke (1806-1882) die regs materiaal beskou as die jongste en nie die oudste gedeelte van die Pentateug soos deur die meeste geleerdes op daardie stadium aanvaar is nie. Wilhelm Vatke (1806-1882) bied in sy boek *Die biblische Theologie wissenschaftlich dargestellt* (1835) 'n hele aantal radikale idees oor die samestelling van die Pentateug en die Ou Testament aan. Sy idees word egter as te filosofies en te teoreties beskou en verwerf nie eintlik aanhang onder akademici nie. In die boek is hy ook uitgesproke oor sy eie Hegeliaanse posisie (Rogerson 1984:70).

Die middelste gedeelte (van *Die biblische Theologie wissenschaftlich dargestellt* 1835:177-590) handel oor 'n kritiese beoordeling van die geskiedenis van Ou-Testamentiese geloof.

Vatke se boek het duidelike Hegeliaanse invloede, maar die invloed van Wilhelm de Wette is duidelik sigbaar in Vatke se kritiese beoordeling van die Ou Testament (Johann Karl Wilhelm Vatke 2011). In *Die biblische Theologie wissenschaftlich dargestellt* (1835) verwys Vatke telkens na die sienings van De Wette. Belangrike uitsprake wat deur Vatke gemaak word, is onder meer dat die Persiese tydperk die hoogtepunt van die Ou-Testamentiese godsdiens gevorm het. Vervolgens kan daar nie enige historiese oorspronklikheid in die aartsvaderverhale waargeneem word nie. Die rol van Moses in die godsdiens van Israel was ook baie meer beperk as wat dit in die Pentateug voorgestel word.

Vatke se stelling dat die regs materiaal (later bekend as die Priestergeskrif of P) heelwat jonger is as die tradisionele datering daarvan, is 'n siening wat deur Graf en Wellhausen ondersteun word. Volgens Vatke in Rogerson (1984:78) is dit duidelik dat die Pentateug sy finale vorm eers na die ballingskap bereik het. Wellhausen erken dat hy baie aan die insigte van Vatke verskuldig is: *My inquiry proceeds on a broader basis than that of Graf, and comes nearer to that of Vatke, from whom indeed I gratefully acknowledge myself to have learnt best and most* (Wellhausen 2004:19).

Abraham Kuenen (1828 -1891) was 'n professor aan die universiteit van Leiden in Nederland (Mulder 1993:1-7). Hy gaan histories-krities om met die teks van die Ou Testament, baie dieselfde as die benadering van Heinrich Ewald in Duitsland. Kuenen het dit vir almal duidelik gemaak dat hy Ou-Testamentiese wetenskap binne die raamwerk van teologie bedryf het sodat dit tot diens van die Christelike geloof sou wees (Smend 2007:78). Volgens hom moet alvorens daar 'n geskiedenis van Israel geskryf kon word, die oorsprong, datum, ontstaan en die betroubaarheid van die boeke eers bepaal word. Teen 1860 was die rigting wat persone soos De Wette en later Ewald ingeslaan het, nader aan 'n aanvullings- of fragmentteorie.

Hierdie fragmentteorie het die volgende riglyne gehad:

- i Die Heksateug het sy finale vorm in die sewende eeu voor Christus gehad en dit was te danke aan die Deuteronomis.
- ii Die bronne tot die Deuteronomis se beskikking was die werk van die Jehowis, later ook genoem die Jahwis.
Die Jehowis het weer die materiaal van die “Boek van oorspronge” gehad of die latere Priestergeskrif wat deur ’n priester of Leviet geskryf moes gewees het en hierby het hy los fragmente gevoeg om die Jehowis-bron te vorm.
- iii Die Deuteronomis was die laaste redakteur en het die materiaal van die Jehowis met sy eie materiaal (Deuteronomium) gekombineer om die Heksateug te vorm.

Kuenen brei hierdie teorie uit en voer aan dat die Jehowis nie die materiaal wat hy gebruik het, versamel of geredigeer het nie, maar dat hy inderdaad die skrywer was van ’n onafhanklike versameling en dat ’n derde persoon of redakteur sy materiaal met die basisdokument of *Grundschrift* gekombineer het (Mulder 1993:3; Smend 2007:81).

Hierdie teorie word nou ’n bronnenteorie en is nie meer ’n fragmentteorie nie. In 1861 het Kuenen dus reeds vier bronne in die nuwe bronnenteorie geïdentifiseer, naamlik: die Priestergeskrif (P), die Elohis (E), die Jahwis (J) en Deuteronomium. Kuenen (Rofé 1993:106) se navorsing op die Priestergeskrif toon aan dat van die materiaal sonder twyfel na Deuteronomium en in die tydperk van die ballingskap of net daarna, gedateer moet word. Kuenen het egter nie sy teorie volledig uitgebrei nie - iets waarvoor hy later baie spyt was aangesien geleerdes soos George, Vatke en Reuss dieselfde sienings ’n dekade vroeër gehuldig het. Dit is duidelik dat hy maar alte bewus was daarvan dat hy ’n gulde geleentheid om die spekulasies tot ’n konklusie te voer, deur sy vingers laat glip het as Kuenen in Smend (2007:82) die volgende opmerking maak: *a humiliating proof of the tyranny which the opinions we have once accepted often exercise over us.*

Kuenen word veral deur drie persone in die jare na 1861 beïnvloed (vgl. Ausloos 2006:558-572; Deist 1984:68-60; Le Roux 2010:62-63; 1990:187-197; Mitchell 1997:449-458; Rogerson 1993:91-96). By biskop John. W. Colenso leer hy dat die priesterlike verhale van Genesis, Eksodus en Numeri jonger is as wat op daardie stadium deur die meeste Duitse geleerdes geglo is (vgl. Le Roux 1993 : 100-107).

Die aanname onder die Duitse akademici, waaronder Ewald, was dat die *Grundschrift* (Boek van oorsprong) die oudste materiaal is (Deist 1984:41-42). Tweedens is hy beïnvloed deur die siening van Julius Popper dat die gedetailleerde beskrywing van die bou van die tabernakel in Eksodus 35-40 uit 'n tydperk na die ballingskap moes gekom het. Dit sou beteken dat die tabernakel nooit in gebruik was voor die Babiloniese ballingskap nie, maar dat dit 'n latere toevoeging moes gewees het. Karl Heindrich Graf se insigte het ook 'n groot invloed op Kuenen gehad, alhoewel Kuenen weer vir Graf gehelp het om die laaste hindernisse uit die weg te ruim ten einde sy teorie te verfyn. Graf het die Priestergeskrif (Smend 2007:83) verdeel in regs materiaal en verhalende gedeeltes (Smend 2007:83). Volgens hom was die regs materiaal ouer as die verhalende gedeeltes, wat afkomstig was uit 'n tydperk na die Babiloniese ballingskap. Hy het die ooreenkoms in taal en styl nie beskou as 'n seker aanduiding dat beide aan dieselfde bron behoort nie. Graf het ook vasgekyk teen die tradisionele siening dat die wet eerste moes gewees het, aangesien dit die begin van Israel se geskiedenis was.

Kuenen identifiseer die problematiek rondom Graf se teorie met die lees van sy boek *Die geschichtlichen Bücher des Alten Testaments* (1866). Op 4 September 1866 skryf Kuenen 'n brief aan Graf waarin hy voorstel dat die basisdokument (*Grundschrift*) nie in verhalende en regs materiaal verdeel moet word nie. Dit moet eerder saamgegroepeer en beide na Deuteronomium gedateer word, aangesien dit duidelik dieselfde bron is (Smend 2007:83). Graf volg Kuenen se advies en ontvang die erkenning vir hierdie teorie. Wellhausen wys dan ook in sy *Prolegomena* (2004:18) daarop dat dit in werklikheid Kuenen was wat Graf se teorie tot sy finale vorm ontwikkel het. Hy stel voor dat die teorie bekend moet staan as die "Graf-Kuenen teorie".

Kuenen was ook die eerste persoon wat die Elohis of basiese materiaal die “Priesterlike dokument” genoem het en dit met die afkorting P aangedui het (Ska 2006:108-109). Kuenen was dus die direkte voorloper van Julius Wellhausen (Smend 2007:84) en daar vind ook wedersydse briefwisseling tussen hulle plaas (Smend 1982:1). Karl Heinrich Graf (1815-1869) het Bybelse eksegeese en Oosterse Tale onder Edouard Reuss studeer aan Strassburg Universiteit (Ska 2006:108).

In 1866 verskyn sy boek met die titel: *Die geschichtlichen Bücher des Alten Testaments*. Hierin toon hy aan dat die priesterlike gedeeltes van die boeke Eksodus, Levitikus en Numeri later ontstaan het as die boek van Deuteronomium. Aanvanklik het hy volgehou dat die Elohistiese verhale deel was van die *Grundschrift* en dus aan die ouer deel van die Pentateug behoort. Soos vroeër gemeld het Kuenen hom oortuig dat die Elohistiese verhale ook tot die Priestergeskrif behoort en daarom later gedateer behoort te word as Deuteronomium (Houtman 1980:73). Vir Graf was dit duidelik dat die Priestergeskrif geen kennis gedra het van Deuteronomium nie. Die logiese gevolgtrekking is dus dat P jonger as D moes gewees het en waarskynlik uit die sewende eeu voor Christus dateer. Daar word ook na P as die Priestergeskrif verwys eerder as na die Priesterlike bron vanweë die feit dat dit ’n eenheid vorm en as ’n eenheid gelees kan word.

Op hierdie stadium was die volgende bronne geïdentifiseer en het die teorie oor Pentateugbronne as volg daar uitgesien: Die Jahwis (J) was die oudste bron; die Elohis (E) die tweede oudste bron; Deuteronomium (D), ’n selfstandige bron, volg derde en laastens die Priestergeskrif (P). Daar was egter nie eenstemmigheid oor die siening van die Priestergeskrif (P) as laaste in die volgorde en dus die jongste bron nie. Persone soos Ewald was van mening dat dit die oudste bron is en dat Graf se siening hieroor teen die meerderheidsopinie ingedruis het (Ewald 1869:63-68).

1.3 Die dekor word gebou

1.3.1 Die era wat alles verander het

Dit is menslik om nie as 'n jong kind eintlik oorbewus te wees van omgewingsinvloede nie. In die geval van Julius Wellhausen was dit ook nie anders nie. Hy word gebore in die negentiende eeu, 'n eeu waarin die wêreld geweldig verander. Houtman (1980:80) maak die volgende opmerking oor die tyd waarin Wellhausen geleef het: *Wellhausen was in de procesmatige wijze, waarop hij de ontwikkeling van de godsdienst van Israël beschreef, een kind van zijn tijd.* Die meeste van hierdie veranderings vind in Europa plaas. Die wetenskap, industrie, kuns, politiek, onderwys en teologie word hierdeur geraak (Schneider 1963:316-324). Aangesien Europa die plek is waar die *Aufklärung* plaasvind, is dit die ruimte wat die meeste veranderings beleef (Enlightment 2011). Die *Aufklärung* of die Verligting was 'n geestesbeweging in Europa wat dui op die mens se refleksie oor die wyse waarop daar gedink word oor dinge. Vrae soos “Wat is waarheid?” en “Kan absolute uitsprake oor God, die mens en die wêreld gemaak word?” is kenmerkend van hierdie beweging (Beutel 2011:1-11 en Schmidt 1979:594-607).

Die slagspreuk van hierdie tydperk is *Sapere aude!* - *Skep moed om jou eie verstand te gebruik!* (Deist 1984:26). Die menslike rede is allesoorheersend. Onvermydelik word die konsep van outoriteit bevraagteken, want watter aanspraak het enige persoon in 'n gesagsposisie op die enigste korrekte siening? (vgl. Beutel 2011:12-17; Polman 1969:10-12 vir die invloed van die *Aufklärung*). Hierdie beweging het uiteraard ook gevolge vir die gesag van kerkleiers en kerkuitsprake gehad. Die Bybel is net soos enige ander boek, nie verhewe bo kritiek nie. 'n Positiewe bydrae van die *Aufklärung* tot die teologie was dat dit gelei het tot die ontstaan van die historiese kritiek in die bestudering van die Bybel (Deist 1984:33). Vanaf 1780 het die kritiese vrae van Ou Testamentici gefokus op die outeurs van die Ou-Testamentiese boeke en die bronne wat onderliggend aan hierdie boeke was (Rogerson 1984:18).

Die wêreldmagte wat die agtiende eeu oorheers het, was besig om te verkrummel en nuwe magte het na vore begin kom. Die ryke wat verbrokkel het was onder meer die Spaanse, Portugese en Chinese asook die Heilige Romeinse ryk (Woodward 1972:105).

Die negentiende eeu word gekenmerk deur die opgang van nasionale state (Lipson 1947:42). Die nasies wat nou na vore tree en die wêreldtoneel begin oorheers was die Britse Ryk, Duitse Ryk en die Verenigde State van Amerika. Aan die einde van die Napoleontiese oorloë vestig Groot Brittanje hom as die wêreldmag. Op die kruin van die Britse Ryk se heerskappy het Brittanje oor ongeveer 'n kwart van die wêreldbevolking regeer en was 'n derde van die wêreld se landoppervlakte onder die magtige Britse Ryk se vlag.

Hierdie era was ook bekend vir ontdekkings en uitvindings op bykans alle terreine. Ontwikkelings met betrekking tot wiskunde, fisika, chemie, biologie, elektrisiteit, metallurgie en onderwys vind plaas (Hearder 1988:385-395). Die telefoon word uitgevind en in werking gestel. Die industriële rewolusie en die vestiging van Koningin Victoria se heerskappy word beleef. Mediese uitvindings en deurbreke het tot gevolg dat die bevolking in Europa verdubbel - van ongeveer 200 miljoen aan die begin tot 400 miljoen aan die einde van die eeu (History of Europe 2011). Infrastruktuur geniet reuse vooruitgang wat die beweging van mense oor groot afstande aansienlik vergemaklik. Liberalisme sien die lig in Europa en word die vernaamste hervormingsmetode (Pipes 1970:21-43). In hierdie tydperk word slawerny ook beëindig.

In hierdie tydperk word Wellhausen se groei en ontwikkeling grootliks deur die volgende drie areas beïnvloed:

1.3.1.1 Die politieke verandering in Duitsland

Dit is gedurende hierdie tydperk dat Wellhausen die eenwording van Duitsland beleef (Leë 1982:84-93).

Voor unifikasie het Duitsland uit verskeie kleiner state bestaan met die twee hoofspelers, Pruise en Oostenryk. Tydens die Kongres van Wenen in 1815 word sestien state in een Duitse federasie gerangskik (Lipson 1947:49). 'n Sterk nasionalistiese gevoel ontstaan onder hierdie state gedurende die eerste paar jaar van die negentiende eeu. Pruise en Oostenryk raak in 'n magstryd gewikkel oor die beheer van verenigde Duitsland. Pruise verkry die steun van die kleiner state binne die federasie en neem in 1848 beheer oor die eenwordingsproses. Otto van Bismarck, wat 'n deurslaggewende rol gespeel het om die unifikasie van Duitsland teweeg te bring, het reeds in 1862 voorspel dat Pruise Duitsland nog sou verenig deur bloed en yster.

Sy voorspelling word bewaarheid deurdat die Duitse federasie onder sy leiding oorlog op drie fronte voer: teen Denemarke in 1864, teen Oostenryk in 1866 (wat Oostenryk dan ook buite die konfederasie plaas) en teen Frankryk in 1871 wat lei tot die insluiting van die suidelike Franse state in die nuwe verenigde Duitse Ryk. Hierdie politieke agtergrond was die agtergrond waarin Wellhausen geleef en gewerk het. Tydens die unifikasieproses in Duitsland word die staat van Hanover by Pruise ingelyf en word regeringsamptenare en dosente van die universiteite gedwing om trou aan Koning Willem van Pruise te sweer. As gevolg van 'n verskil in opinie oor hierdie proses, ontstaan daar 'n breuk tussen Wellhausen en Ewald in 1867. Wellhausen was van mening dat die eenwording van Duitsland tot voordeel van die hele Duitsland sal wees en het respek vir Otto van Bismarck gehad. Ewald dring in Smend (1991:173) by Wellhausen daarop aan om Bismarck en koning Willem, tot kwaaddoeners en skurke te verklaar (*Er verlangte von seinem Lieblingsschüler, der, obwohl aus welfentreuer Familie, preussisch dachte, er solle Bismarck und den König von Preussen Für Übeltäter und Schurken erklären*). Hiervoor is Wellhausen nie te vinde nie, waarop Ewald hom versoek om sy kantoor te verlaat. Die gevolg van hierdie uitval was 'n bitter breuk tussen Ewald en Wellhausen.

1.3.1.2 Die klem word nou op geskiedenis gelê

Uit die voorafgaande paragrawe is dit duidelik dat die omstandighede van die negentiende eeu 'n geweldige rol gespeel het op elke lewensterrein, ook op die beskouing van geskiedenis. Volgens Hajo Holborn in Harrisville *et al* (1995:155) is Duitsland se invloed in die ontstaan van geskiedenis as 'n wetenskap deurslaggewend. Hy stel dit as volg: *In the discovery of history the Germany of the first half of the nineteenth century made its most original intellectual contribution to the modern world.* Die historiese bewussyn van die mens word nou wakker gemaak (Deist 1984:33). Die omstandighede van Europa in hierdie eeu het die mens so beïnvloed dat hy die wêreld histories begin verstaan (Hearder 1988:401). Die vraag kan met reg gevra word: “Wat het aanleiding gegee tot hierdie tipe verstaan van die wêreld?”

Die volgende aspekte kan moontlik 'n antwoord verskaf (Beutel 2011:2-4):

- i Alles beweeg deur die historiese meul, want die negentiende eeu was die eeu van geskiedenis en historiese geskifte. Die geskiedenis het vir die mens die wyse geword waarop hy homself en die wêreld kon begryp.
- ii Die geskiedenis word gesien as die allesinsluitende proses van verlede, hede en toekoms. Die mens sien homself binne in hierdie geskiedenis en kan slegs sy toekoms struktureer deur historiese selfkennis.
- iii Wanneer hierdie manier van dink egter op die Bybel toegepas word, verkrummel ou “geloofswaarhede”

Troeltsch in Von Rad (1963:23-24) het die beginsel wat onderliggend is aan die historiese benadering baie goed geformuleer. Hy beklemtoon drie dinge:

- i Volgens hom is die taak van geskiedenis: *...to explain every movement, process, state and nexus of things by reference to the web of its casual relations.*
- ii Die beginsels van metodologiese twyfel. Historiese werk kan nie in isolasie voldoende antwoorde verskaf nie. Daarom kan historiese rekonstruksie nie beslissende antwoorde verskaf nie.
- iii Dit is nie moontlik om die verlede uit die huidige analogie te rekonstrueer nie.

Die negentiende eeu het die historiese denke gevorm wat terselfdertyd 'n invloed op die verstaan en omgang met die Bybel gehad het (vgl. Barth 1972:15-29). Teologiese denke en uitkyk is radikaal beïnvloed. Vir 'n beter verstaan van die Bybel word dit nou belangrik om die godsdienst van Israel met ander godsdienste in die ou Nabye-Ooste te vergelyk asook om die tale waarin die Bybel geskryf was, goed te ken. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is Heinrich Ewald wat homself as 'n kenner van Hebreeuse grammatika onderskei (Ebach 1982:694-696). Ook Wellhausen besef dat grondige kennis van die oorspronklike Ou-Testamentiese tale onontbeerlik is vir werklike insig in die tekste en geskiedenis van die Ou Testament. Wellhausen volg in die voetspore van sy leermeester en spits hom toe op die bestudering van die Hebreeuse taal (Smend 2007:92).

1.3.1.3 Die invloed op die Teologie

Tydens die sewentiende eeu het die ortodoksie en die piëtisme 'n hooggety beleef. Die opbloeï hiervan was egter soos die spreekwoordelike stilte voor die storm (Bart 1972: 136-173). Mense was moeg vir die manipulasie en emosionele mishandeling wat met hierdie bewegings gepaard gegaan het. Die teologie was gereed vir 'n verandering in die agtiende eeu, naamlik 'n ommeswaai na 'n rasonale beskouing van die teologie.

Die golf van kritiese denke en liberalisme ontsien nie die teologie nie (Deist 1984:36-37). Elke lewensterrein word aangeraak deur filosofie van die Verligting. 'n Uitvloeisel van hierdie denke is 'n beroep op die menslike rede – moenie dit wat vanuit 'n gesagsposisie verkondig word, goedsmoeds aanvaar nie. Die teologie bly nie onaangeraak nie: geleerdes se benadering tot die Bybel word nou 'n “voorwaardelike aard van openbaring”. Dit lei daartoe dat Bybelse geskrifte nou histories bepaald benader word eerder as dat dit gesien word as 'n beliggaming van 'n goddelike openbaring (Theology 2011).

Die Bybel is immers 'n geloofsboek waarin weinig dinge bewys kan word. Aangesien die outoriteit van die Bybel nou bevraagteken word, moes daar 'n nuwe inslag kom met die lees van die Bybel. Tradisionele gelowiges het gepoog om hierdie uitdaging die hoof te bied deur geloof en rede met mekaar te probeer versoen. Hiervolgens word die Bybel krities geles en bestudeer en die boodskap teologies geïnterpreteer. Hierdie benadering is in beide die Protestantse en Katolieke kerke gevolg.

Met die aanbreek van die negentiende eeu was daar geen teken dat 'n nuwe era in die Ou-Testamentiese wetenskap aangebreek het nie. Vir die eerste vyftien jaar van die negentiende eeu het juis die teenoorgestelde blyk waar te wees. Na die Napoleontiese oorloë sluit verskeie Duitse universiteite en hul teologiese fakulteite as gevolg van opstande (Rogerson 1984:15). Ten spyte hiervan het persone soos J.G. Eichhorn, J.S. Vater en J.P. Gabler hulle poste behou en onverpoos met hulle werk voortgegaan tot diep in die negentiende eeu. Dit is vanselfsprekend dat die negentiende eeu sy invloed ook in die teologie sou laat geld, net soos die geval was in bykans elke ander lewensterrein.

Farmer (1995:22) vra in sy artikel *State interesse and Markan Primacy 1870-1914* die volgende vraag: *What were some of the ideological needs of nineteenth-century German society that have affected literary interpretation of the Bible?* Hy antwoord die vraag deur te wys op die menslike behoefte dat Bybelse interpretasie, net soos die wetenskap, op hoogte moes bly van nuwe ontwikkelings en denkwyses. Vir die Bybel om geloofwaardig te wees, moes dit ook wetenskaplik ondersoek en krities beoordeel kon word. Hierdie opkoms van die historiese bewussyn lei tot kritiese vrae rondom die ontstaan van die Bybelse tekste, datums, name, outeurskap, bronne en doel. Die bronnekritiek, literêre kritiek en vormkritiek het almal hier hulle wortels. Argeologiese bevindings, tekskritiek en vertalings word nou gebruik en op gefokus.

Dit lei tot die ontstaan van die *Religionsgeschichtliche Schule*. Hierin word ander Ou Naby Oosterse dokumente en verhale met die kanonieke boeke van die Bybel vergelyk ten einde meer van Israel se geskiedenis te verstaan. Die *Religionsgeschichtliche*

Schule was 'n beweging van geleerdes wat na 1884 in Göttingen bymekaargekom het. Hulle doel was om die Christelike godsdiens in sy historiese konteks na te vors. Dit was 'n beweging wat wegbeweeg het van Wellhausen se literêrekritiek en Ritschl se rigiede dogmatiek (Hartenstein 2011:1).

Die ontwaking van die mens se historiese bewussyn en die daaropvolgende historiese kritiek was nie iets wat plotseling en geïsoleerd in die negentiende eeu ontstaan het nie. Die wortels van hierdie historiese bewussyn kan terugherlei word na die Verligting (*Aufklärung*). Volgens Boccaccini (2002:15) is historiese kritiek in die sewentiende eeu gebore en is dit afkomstig vanuit dieselfde intellektuele beweging as die filosofie van Descartes. Die histories-kritiese metode het voorkeur geniet ten opsigte van teksbestudering tydens die laaste gedeelte van die agtiende eeu tot en met die laaste derde van die twintigste eeu (Fretheim 1996:23). Die histories-kritiese metode is egter nie 'n onafhanklike dissipline binne die teologie nie, maar eerder 'n metode om die Bybel te interpreteer (vgl. ook Bailey 2008). Johann Salomo Semler (Maier 1974:8) staan bekend as die vader van hierdie metode. Hy het die Bybel dieselfde as enige ander boek beskou en dit onderwerp aan dieselfde kritiek waaraan ander boeke onderwerp sou word. Hy staan die siening teen dat die Bybel Goddelik geïnspireer is en verwerp daarmee saam ook die bonatuurlike aspekte in die Bybel.

Historiese kritiek (Frei 1979:18; Deist 1984: 21-23) het beteken dat die veronderstelde “feite” in die Bybel onderwerp word aan onafhanklike ondersoek om die teks se geloofwaardigheid te bepaal (Frei 1979:18; Deist 1984: 21-23). Dit staan teenoor die beskouing dat die Bybel geloofwaardig is bloot omdat dit as gesaghebbend beskou word. Die historiese kritiek was nie 'n beweging om die Bybel te ondermyn of om die kerk se outoriteit aan te tas nie. Dit was bloot 'n onderdeel daarvan en noodwendige uitvloeisel van 'n baie groter kulturele beweging.

Die volgende aspekte is prominent in die histories-kritiese metode:

- i Die negentiende eeu se kritiese historiese geskryfte vernietig die tradisionele beeld van Israel se verlede. Die historiese kritiek draai alles om en 'n nuwe beeld verskyn.

Daar ontstaan konflik tussen die ondersteuners van die histories-kritiese metode en die persone wat die teks letterlik interpreteer en verstaan. Die twee sienings raak onversoenbaar en dit word 'n ope vraag: “Waarop sal die geskiedenis van die Ou-Testamentiese teologie gebou word?”

- ii 'n Belangrike fase in die historiese verstaan van die Ou Testament was die klem wat gelê is op die voorgeskiedenis. Die verstaan was afhanklik van die tekste voor die historiese verstaan. Baie Ou-Testamentiese verhale het 'n eie lewe gehad voordat dit vasgevang was in 'n geskrewe teks. Die studie van die teks was 'n belangrike beginsel van die historiese studie.
- iii Vir die Ou-Testamentiese verstaan van literatuur is kennis van die Ou Nabye Ooste ook baie belangrik. Israel se godsdienste kan nie in isolasie bestudeer word nie. Mense in Israel en Palestina het almal dieselfde dinge beleef en ervaar en daarom vertoon die godsdienste van Israel baie noue ooreenkomste met Egipte, Assirië en Babilon (Faust 2010:26-28; Gitin 2002:5; Vriezen 1954:104). Die skeppingsverhale van Israel is die duidelikste bewys hiervan.
- iv Die historiese verstaan omvat veel meer as net teks of metode. 'n Mens het ook gevoel, verbeelding en geestelike empatie nodig. Die piëtiste en Schleiermacher het bewys dat godsdienstige gevoel ook belangrik is (Reventlow 1995:132-134). Godsdienstige leerstellings ontstaan in die hart van mense en daarom moet 'n mens ook kennis hê van die sentimente, godsdienstige gevoelens en oortuigings van die persone in die verhale en skrywers van hierdie verhale.

Een van die grootste veranderinge ten opsigte van die bestudering van die Bybel wat die historiese kritiek bewerkstellig het, is om die teks aan 'n geleerde se benadering te onderwerp, eerder as om die geleerde en sy/haar benadering aan die teks se gesag te onderwerp (Brueggemann 1982:13-14). Vaste sekerhede wat in die kerk bestaan het oor aspekte van die Bybel en geloof het skielik verdwyn. Die kritiese benadering tot die Bybel het verskeie nuwe insigte na vore laat kom.

1.4 Opsommende aantekeninge

Ter opsomming kan die volgende opmerkings gemaak word: Op die vooraand van die geboorte van die hoofkarakter, die vader van die klassieke bronneteorie, word 'n negentiende eeuse dekorstel gebou. Dit bevat al die veranderings en omwentelings van die tydperk, met spesifieke verwysing na die invloed van die Verligting. 'n Intellektuele wêreld word geskep wat anders en krities besin oor bykans elke terrein van die lewe. Die teologie en die bestudering van die Ou Testament is ook onderworpe aan hierdie denkwolusie. Klere en ander hulpmiddels is voorberei en gereed om aangetrek en gebruik te word – alles sodat Julius Wellhausen die wêreld kan betree en 'n blywende merk op die bestudering van die Ou Testament en die teologie kan laat.

Hierdie klere en hulpmiddels is deur geleerdes verskaf en ontwerp wat Wellhausen voorafgegaan het. Hulle het 'n onontbeerlike bydrae gelewer tot die finale formulering van sy bronneteorie. Insette van geleerdes soos Spinoza, Simon en Astruc is aangetoon en alhoewel in sommige gevalle klein, nooit geringgeskat nie. Bydraes van persone wat tydensgewys nader aan Wellhausen geleef het soos De Wette en Hupfeld, asook die direkte voorlopers van Julius Wellhausen (Reuss, Vatke, George, Kuenen en Graf), is ook bespreek.

Alhoewel Julius Wellhausen die protagonis (hoofkarakter) in hierdie drama is, blyk dit duidelik uit die volgende hoofstuk dat hy nie in 'n eenmanstuk optree nie. Geleerdes soos Bauer, Strauss en Ewald wat saam met hom geleef en 'n belangrike invloed op sy lewe gehad het, is ook karakters in hierdie toneelstuk. Sommige is in ondersteunende rolle soos Graf en Kuenen – hulle insigte help hom om antwoorde te vind op sy vrae; ander karakters soos Ewald tree weer op soos antagonist wat lyk of hulle hindernisse in sy pad wil plaas. Alle rolspelers dra egter by tot sy lewensreis en uiteindelijke bestemming.

In die eerste bedryf is Wellhausen 'n student; hy beweeg grootliks op die agtergrond waar hy meestal net die werke van ander geleerdes lees en beoordeel.

Tydens sy studentejare, selfs gedurende sy nagraadse studies, lyk dit asof Wellhausen agter die gordyne besig is met sy voorbereiding voordat hy op die aangewese moment op die verhoog verskyn om sy hoofrol in die drama op te neem. Heinrich Ewald speel die rol van die karakter wat die grootste invloed op Wellhausen tydens sy vormingsjare by die Göttingen Universiteit uitgeoefen het.

HOOFSTUK 2

BEDRYF EEN: DIE ONTNUGTERING

2.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk het ons gesien hoedat die negentiende eeu met sy klem op die rede van die mens, die kritiese denkraamwerk gevorm het wat byna elke aspek van die lewe beïnvloed het. Hierdie kritiese ondersoek na die mens se lewe en omstandighede het ook sy invloed in die teologie en die bestudering van die Bybel laat voel. Ook het ons die bydraes gesien van ander teoloë wat elkeen 'n bydrae gelewer het in die bou en totstandkoming van 'n bronneteorie. In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na Wellhausen se opleiding en die rol wat geleerdes van sy tyd op hom uitgeoefen het. Een persoon wat 'n groot rol in Wellhausen se vorming gehad het was Heinrich Ewald en sy invloed sal ook ondersoek word.

2.2 Die beginjare

Julius Wellhausen is op 17 Mei 1844 in die dorpie Hameln in die noorde van Duitsland gebore (Kratz 2003:527-536). Sy vader August Wellhausen was 'n predikant in die Lutherse Kerk (Smend 2007:91). Hy was 'n ortodokse Lutheraan wat baie gesteld was op die streng orde en liturgie van die kerk. Dit het later 'n groot demper op die pa-seun-verhouding geplaas (Smend 1991:172-173). Vir August was dit 'n blye oomblik toe Wellhausen aankondig dat hy ook van voorneme was om, soos sy pa, die bediening te betree en 'n predikant van 'n Lutherse gemeente te word (Clements 1983:7). Dit was vanselfsprekend dat die jong Wellhausen by die Universiteit van Göttingen sou gaan studeer. Afgesien daarvan dat dit geag was as die beste universiteit in Duitsland, was die beroemde Ou-Testamentikus Heinrich Ewald 'n dosent by die teologiese fakulteit. Dit was 'n instelling met 'n lang akademiese geskiedenis en roemryke tradisie. Die Universiteit van Göttingen is in 1734 deur koning George II gestig en in 1737 is daar met klasse begin (University of Göttingen 2011).

August Wellhausen was oortuig dat dit voordelig vir Wellhausen se loopbaan sou wees as hy onder 'n befaamde teoloog soos Heinrich Ewald kon studeer. Ewald was 'n kenner van die Hebreeuse grammatika en ook 'n beroemde Ou-Testamentikus. In 1862 stuur August Wellhausen vir Julius Wellhausen na Göttingen om teologie te gaan studeer (Kratz 2003:527).

August Wellhausen se ortodokse houding oor die Bybel en die kerk het waarskynlik daartoe bygedra dat Wellhausen opstandig was; dit was duidelik dat hy en sy pa nie 'n goeie en sterk verhouding gehad het nie (Smend 2007:91). Wellhausen begin nie dadelik onder Ewald studeer nie, maar soos al die ander teologiese studente neem hy eers die algemene teologiese vakke. Die naïewe en onskuldige predikantseun moes gemengde gevoelens oor sy toetrede tot die teologie ervaar het. Hy het waarskynlik dikwels gewonder wat die toekoms vir hom inhou en of hy ooit die regte loopbaankeuse gemaak het. Sy pa se versugting om self by 'n befaamde teoloog soos Heinrich Ewald klas te kon loop, moes tog vir Wellhausen gehinder het: was hy dalk besig om eerder sy pa se lewendroom te verwesenlik as sy eie? Die snel veranderende intellektuele denkwêreld van Europa en die opwindende uitvloeisels daarvan, kon daartoe bydra dat hy getwyfel het oor sy besluit om teologie te gaan studeer – moes hy nie eerder filosofie of selfs wetenskap as studierigting gekies het nie?

Wellhausen was 'n nederige en realistiese mens, status was nie iets waaraan hy hom gesteur het nie. Daar is dikwels na hom verwys as iemand wat eerder soos 'n boer as 'n professor voorgekom het (Smend 2007:91). Die rede vir hierdie verwysing was waarskynlik sy liefde vir die platteland. Hy het moeite gedoen om kontak met die platteland te behou en het gereeld daar besoek afgelê.

2.3 Wellhausen se ontugtering

Wellhausen se studies neem 'n aanvang in 1862. Reeds in die eerste semester besef hy egter dat 'n liefde vir die Ou-Testamentiese verhale en 'n behoefte om 'n predikant soos sy pa te word, nie genoegsame motivering is om teologie te studeer nie (Smend

1991:173). Hy word ontugter oor die aard van teologie en vir 'n tyd lank oorweeg hy dit ernstig om van studierigting te verander (Clements 1983:7). Boonop bevind Wellhausen homself in 'n tyd waarin die bevindings van persone soos F.C. Baur en D.F. Strauss aangaande die Nuwe Testament, op die voorgrond van die teologie geplaas word (Frei 1974:233-244; Smend 2007:92). Hulle uitsprake strook met die rasonale gees van die negentiende eeu wat op elke lewensterrein geld.

'n Medestudent woon die klasse van F.C. Baur by en lig Wellhausen opgewonde in oor die radikale inhoud daarvan (Smend 2007:92). Wellhausen vind dit interessant en vir 'n tyd skenk hy aandag daaraan. Na 'n kort periode verloor hy belangstelling aangesien dié tipe teologie vir hom te vaag is; hy oorweeg dit selfs weer om van studierigting te verander. Bevindings en uitsprake van Strauss en Bauer bly egter op almal se lippe en oorheers die gesprekke by die universiteit. Wellhausen is bewus van hierdie uitsprake en dit lei tot sy eie geloofstryd.

F.C. Baur (Barth 1973:499-507) was een van die stigters van die Tübingen skool, ook bekend as die kritiese skool (Barth 1973:499-507). Hierdie beweging wat by die Universiteit van Tübingen ontstaan het, het daarna gestreef om objektief teologiese waarhede na te streef. Volgens Baur is dit slegs moontlik as daar objektief na geskiedenis gekyk word. Die Bybel moet aan dieselfde kritiek blootgestel word as enige ander dokument wat geskiedenis weergee. Baur verwerp vroeë teoloë se sogenaamde “dualistiese geskiedskrywing”. Hy val terug op die filosofie wanneer hy poog om 'n eie verklaring van die openbaring te gee. Een sy bekendste uitsprake was: *Ohne Philosophie bleibt mir die Geschichte ewig tot und stumm* (Thompson 1970:37). Bauer sien in die verskillende boeke van die Nuwe Testament teses, sinteses en antiteses raak wat hy gebruik in sy verstaan van die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese tyd. Hy gebruik dieselfde skema van gebeure as Hegel wat ook alle gebeure in terme van tese, sintese en antitese verklaar.

D.F. Strauss het beweer dat die Evangelies in die Nuwe Testament nie histories korrek is nie en eers jare na Jesus se dood geskryf is (Barth 1972:541-568; Frei 1974:233-244). Hy argumenteer dat Jesus en dit wat deur die evangelieskrywers aan Hom toegedig word, nie histories of teologies korrek was nie. Strauss het nie ten doel gehad om die historisiteit van Jesus te bevraagteken nie. Hy spreek hom egter uit teen die bonatuurlike aksies en gebeurtenisse wat deur die evangelieskrywers aan Hom verbind word en beweer dat dit nie die waar is nie. Strauss se boek *Das Leben Jesu kritisch bearb* (Harrisville *et al.* 1995:89-110) verskyn in 1835. Dit word een van die mees omstrede boeke van sy tyd en Strauss word erg deur die konserwatiewe teoloë gekritiseer.

In Hodgson (Strauss 1972:xvii) se inleiding tot die Engelse vertaling in *The life of Jesus critically examined*, beskryf hy Strauss as 'n *alienated theologian*. Strauss word deur die kerk gebrandmerk en verlaat; hy word ook nooit 'n teologiese pos by enige universiteit aangebied nie. Sy boek *Das Leben Jesu* het 'n geweldige inpak op die bestudering en kritiese nadenke van die Ou en Nuwe Testament gehad en Strauss se invloed kan hoofsaaklik as volg saamgevat word (Strauss 1972:xvii-xix):

- i *Das Leben Jesu* het 'n waterskeiding geword in die kritiese bestudering van die evangelies.
- ii Strauss bevraagteken die Christelike geloof se aanspraak op geskiedenis as 'n bewys vir geloof. Hy betwyfel die feit dat die sekerheid van 'n mense se geloof op toevallige historiese gebeure in die geskiedenis gebou kan word.
- iii Hy sê dat die eskatologie van die primitiewe Christene 'n baie belangrike struikelblok vir die moderne sekulêre mens geword het.
- iv Strauss verwerp 'n Bybelse eskatologie en stel daarteen eerder 'n radikale immanente teologie voor. Hierdie teologie is nie deur die kerk aanvaar nie. Volgens hom het dit 'n groot rol gespeel in die nadenke binne die kerk en om 'n kritiese vraag te vra soos of die geloof in transendensie geloofwaardig is en of 'n herkenbare Christelike teologie daarsonder kan oorleef.

v Strauss se vervreemding van die kerk en roeping word gesien as verteenwoordigend van die Protestantse teologiese beweging vanaf die begin van die negentiende eeu tot op hede.

Die logiese gevolge van Baur en Strauss se aansprake is dat die Ou Testament nou aan dieselfde kritiek blootgestel moet word as die Nuwe Testament. Wellhausen slaan ag op hierdie kritiek en word ontnugter in sy eie naïewe geloof waarmee hy groot geword het. Vir drie dae isoleer hy homself om te besin. Hy beseft dat die stelling dat die Bybel nie die onfeilbare geïnspireerde Woord van God is nie, nou 'n geloofskrisis by hom veroorsaak. Gevolglik bevind hy hom by 'n kruispad waar hy moet besluit of hy sy teologiese studies gaan voortsit aldan nie.

Tydens die Paasvakansie van 1863 (Smend 2007:92) kom Wellhausen toevallig af op die boek van Heinrich Ewald, *Geschichte des Volkes Israel* (of in Engels *History of Israel*) (Rogerson 1984:93; Smend 2007:92). Hierdie boek interesseer hom in so 'n mate dat hy besluit om die geskiedenis van Israel te kies as die objek van sy studie. Dit sluit ook aan by sy liefde vir die Ou-Testamentiese verhale. Hy besluit om sy studies in die Ou Testament voort te sit en op die akademie te fokus. Dit is in lyn met sy voorneme om nie die bediening of die rol van 'n gemeentepredikant te betree nie. Hy fokus op die bestudering van die Hebreeuse taal en die Ou Testament, aangesien hy van mening is dat sy studies 'n uitstekende kennis van die Hebreeuse teks vereis (Smend 2007:92). Wellhausen besluit om onder Ewald te begin studeer, aangesien dit Ewald se boek was wat sy aandag so geprikkel het (Clements 1983:7). Die wyse waarop Ewald die geskiedenis van Israel benader en sy werkswyse met die teks, fassineer vir Wellhausen. Hy is egter vas van plan om hierdie studies op 'n suiwer histories-kritiese en wetenskaplike manier te benader.

Hierdie stap was die begin van 'n sewe jaar lange verhouding tussen Wellhausen en Heinrich Ewald. Aanvanklik het Wellhausen Ewald se vermoëns en sy onverskrokke uitsprake bewonder. Wellhausen was een van Ewald se gunsteling studente en daar was aan die begin 'n goeie verhouding tussen student en mentor (Smend 1991:173).

Hierdie verhouding word egter later versuur deur bitter gevegte en stryery oor teologie en politiek.

In 'n terugblik op sy lewe het Wellhausen Ewald selfs daarvan beskuldig dat hy die ontwikkeling van sy bronneteorie vanaf De Wette en Vatke vertraag het. Volgens Wellhausen was dit Ewald se outoritêre houding wat die oorsaak was dat die nuwe insigte in Israel se geskiedenis nie reeds vroeër ontdek is nie. Hy stel dit as volg: *.....ich kann doch nicht anerkennen, dass Ewald auch auf diesem Gebiete die Bahn gebrochen und den Weg gewiesen Habe. Das haben vielmehr de Wette und Vatke getan; er ist im Gegenteil der grosse Aufhalter gewesen, der durch seinen aitoritativen Einfluss bewirkt hat, dass die bereits vor ihm gewonnene richtige Einsicht in den Gang der Israelitische Geschichte lang Zeit nicht hat durchdringen können* (Wellhausen 1965, 131-132).

Tog dra Wellhausen sy *Prolegomena zur Geschichte Israel*, wat sekerlik as sy belangrikste werk beskou kan word, aan Ewald op met die woorde *Meinem Unvergessenen Lehrer HEINRICH EWALD zu Dank und Ehren* (Wellhausen 2001). Dit is duidelik dat alhoewel Wellhausen en Ewald teen die tyd wat die *Prolegomena* verskyn, nie meer met mekaar kommunikeer nie, Wellhausen steeds 'n groot waardering gehad het vir Ewald se bydrae tot sy vorming en skoling as akademikus.

2.4 Die rol van Georg Heinrich August Ewald (1803-1875)

Teen die tyd wat Wellhausen besluit het om hom toe te spits op Hebreeus en Semitiese tale en onder Ewald te gaan studeer, was Heinrich Ewald al wyd bekend onder Ou-Testamentiese geleerdes en taalkundiges. Wellhausen was opgewonde om met Ewald kennis te maak en was vas oortuig dat hy geweldig baie by hom sou leer. Ewald was veral bekend vir sy formidabele kennis van die Ou Testament, maar ook vir sy houding teenoor mense. As Ewald met een woord opgesom kon word, sou die woord "hardkoppig" deug. Hy het enige iemand wat van hom verskil as 'n vyand beskou en hom baie sterk polities uitgespreek (Rogerson 1984:91-92). Op twee geleenthede het Ewald se sienings oor die politiek hom sy betrekking gekos.

Die eerste keer het hy as lid van die “Göttingen-sewe”, homself verset en uitgespreek teen die eensydige opheffing van Hanover se konstitusie deur Koning Willem.

Die sewe persone was W. E. Albrecht, Dahlmann, H. Ewald; G.G. Gervinus, J. Grimm, W. Grimm en W. E. Weber (Ewald 1869:xviii). Hulle word almal van die universiteit geskors en beveel om Duitsland te verlaat. Die tweede geleentheid waar Ewald se politieke oortuigings hom sy pos by die universiteit gekos het, was in 1867. In 1866 word Hanover deur die Pruisiese regering geannekseer en word almal, insluitende universiteitsprofessore, verplig om 'n eed van getrouheid aan Koning Willem van Pruise af te lê. Ewald word die enigste professor wat weier om hierdie eed af te lê en verloor sy pos by die universiteit. Hy word op vervroegde pensioen geplaas met behoud van sy salaris.

Wellhausen het met die eerste ontmoetingsgeleentheid baie van Ewald gehou al het hy hom opgesom as 'n persoon wat sy opinies sonder skroom sou stel. Hy het groot bewondering gehad vir sy kennis asook die gemak en oortuiging waarmee hy sy vak aan die studente oorgedra het. Wellhausen het Ewald se ondervinding en die ure wat hy in navorsing spandeer het ten einde kennis oor sy studieveld op te bou, gerespekteer. Van die begin af was daar 'n goeie verstandhouding tussen Wellhausen en Ewald en baie gesprekke is na die klas voortgesit. Tydens klas het Ewald meestal sy eie bevindings en resultate aan sy studente voorgedra en altyd van die standpunt af uitgegaan dat hy reg was. Hy het bitter selde na ander geleerdes se bevindings verwys. Standpunte wat van hom verskil het, is nie eers geopper nie (Rogerson 1984:91).

2.4.1 Ewald se standpunt

Ewald was die leerling van Johann Götffried Eichhorn. Eichhorn het die Ou Testament ook krities hanteer, maar het steeds sekere tradisies soos die outeurskap van Moses gehandhaaf. Ewald was heelwat meer liberaal as Eichhorn; tog het hy 'n groot aantal van Eichhorn se sienings oorgeneem.

Ewald se benadering tot die Ou Testament was meer tradisioneel as die benaderings van De Wette, Gramberg, Georg en Vatke. Hy het selfs daarop aanspraak gemaak dat hy oorspronklike dele van die aartsvaderverhale opgespoor het (Rogerson 1984:92).

Ewald het probeer om te midde van die negentiende golf van liberalisme en kritiese denke, wat alle historiese waarhede van die Bybel wou stroop, aan te toon dat daar wel sekere gedeeltes was wat histories verstaan moes word. Hy beskryf dit as volg: *I have elsewhere shown how the prophetic and poetical parts of this literature are to be regarded, in an historical point of view; but the historical books, which supply almost the only materials for many periods, must Jahwe be submitted to a special enquiry, which must be exhaustive in itself, and the results of which will always be assumed throughout the sequel* (Ewald 1869:12).

Hy wou deur geskiedkundige navorsing die historiese gedeeltes van Israel ontdek. Ewald was van mening dat sy werkswyse hom in staat stel om objektief met die historiese tekste te werk te gaan. Volgens hom was dit 'n beter metode as die werkswyse van De Wette en Vatke. Ewald het geargumenteer dat De Wette en Vatke in so 'n mate deur hulle teorie oor die wyse waarop die verloop van die Ou Testament plaasgevind het, beïnvloed is, dat hulle altyd met bepaalde vooroordele na die verhalende gedeeltes gekyk het (Rogerson 1984:93). Alhoewel Ewald dit waarskynlik nie bedoel het nie, was sy metode slegs weer 'n poging om die tradisionele verstaan van die Bybel meer histories geloofwaardig te maak. Dit was dan ook in hierdie opsig waar Ewald en Wellhausen dikwels verskil het. Wellhausen het dit moeilik gevind om te verstaan waarom Ewald slegs sy eie sienings kon huldig en nooit bereid was om na 'n ander se standpunt te luister nie.

2.4.2 Die boek wat alles begin het

Wellhausen se lees van Ewald se boek *Geschichte des Volkes Israel* in 1863 was die inspirasie vir sy navorsing en latere ontwikkeling van sy bronneteorie.

Aangesien dit so 'n deurslaggewende moment in Wellhausen se lewe was moet daar breedvoerig ondersoek ingestel word na die aspekte in Ewald se boek wat die katalisators vir sy navorsing was.

In die inleiding gee Ewald duidelike riglyne vir die wyse waarop 'n persoon wat beplan om die geskiedenis van Israel te skryf, te werk behoort te gaan: *To examine a proposed historical theme without any foolish fear, but with a hearty love of the subject, and the single assumption that everything, when correctly understood, has its reason and its value ; with no inflexible ulterior preconceptions, but a generous appreciation and joyful welcome for all true and great results—this is the universal law of every historian* (Ewald 1869:7). Dit is duidelik dat Ewald 'n opregte liefde vir die Ou Testament gekoester het en dat hy dit aan Wellhausen oorgedra het.

Dit is bekend dat Wellhausen 'n passie vir die verhalende gedeeltes van die Ou Testament gehad het. Ewald (1869:9) wys daarop dat nie slegs die “mooi” verhale van die Ou Testament gelees moet word nie, maar ook die regs materiaal, profetiese en die poësie ten einde 'n volledige prentjie van die geskiedenis van Israel te vorm. Ewald voel sterk daaroor dat al die bronne van die in die Ou Testament gelyke behandeling moet ontvang en ewe goed geken moet word. Wellhausen het ruiterlik erken dat hy die verhalende gedeeltes van die Ou Testament geniet, maar dat die regs materiaal hom verveel. 'n Mate van skuldgevoelens hieroor skemer deur in die volgende aanhaling: *In my early student days I was attracted by the stories of Saul and David, Ahab and Elijah; the discourses of Amos and Isaiah laid strong hold on me, and I read myself well into the prophetic and historical books of the Old Testament. Thanks to such aids as were accessible to me, I even considered that I understood them tolerably, but at the same time was troubled with a bad conscience, as if I were beginning with the roof instead of the foundation; for I had no thorough acquaintance with the Law, of which I was accustomed to be told that it was the basis and postulate of the whole literature. At last I took courage and made my way through Exodus, Leviticus, Numbers, and even through Knobel's Commentary to these books. But it was in vain that I looked for the light which was to be shed from this source on the historical and prophetic books.*

On the contrary, my enjoyment of the latter was marred by the Law; it did not bring them any nearer me, but intruded itself uneasily, like a ghost that makes a noise indeed, but is not visible and really effects nothing. Even where there were points of contact between it and them, differences also made themselves felt, and I found it impossible to give a candid decision in favour of the priority of the Law. Dimly I began to perceive that throughout there was between them all the difference that separates two wholly distinct worlds. Yet, so far from attaining clear conceptions, I only fell into deeper confusion, which was worse confounded by the explanations of Ewald in the second volume of history of Israel (2004:12).

Wellhausen was ietwat mismoedig gestem deur Ewald se siening dat die regsmateriaal die basis en begin van Israel se geskiedenis en literatuur is. Volgens hom kon dit nie genoeg lig werp op sy vrae rondom die profetiese en historiese geskryfte nie. Selfs die verduidelikings van Ewald in hierdie verband het hom net meer verward gelaat. Hy was egter oortuig daarvan dat Ewald wel die aangewese persoon was om die regsmateriaal van die Ou Testament en hulle posisies in Israel se geskiedenis, te verduidelik.

Ewald bou nie voort op die bronneteorie van persone soos De Wette, Hupfeld, Reuss en Graff nie. Reeds in die inleiding skemer die kenmerkende selfversekerdheid deur waarmee hy uitsprake maak. Volgens hom is dit die literatuur van die Ou Testament wat die raamwerk vorm tot die verstaan van die geskiedenis van Israel (Ewald 1869:1-10). Die tradisies word aangewend as die bronne wanneer hy met sy geskiedenis van Israel begin. Ewald verdeel die tradisies in drie groot dele, nl.: *The Great Book of Origins; The Great Book of the Kings* en *Latest Book of General History*.

Die groot boek van oorspronge bestaan uit die Pentateug en Josua. Ewald begin met die boek van oorspronge en dui die oudste historiese fragmente aan, waarvan die boek van die oorloë van *Jahwe* eerste is. In Josua beskou Ewald (1869:66) die teks van Josua 17:14-18 as een van die oudste historiese fragmente; volgens hom is die bewyse daarvoor in die taalkundige gebruik. Die taalgebruik en styl is vir hom 'n aanduiding dat hierdie fragment geskryf moes gewees het net na Josua se dood.

Die teks van Josua 17:14-18 sien hy as deel van die fragment wat handel oor die oorloë van Jahwe. Tweedens is daar 'n biografie van die lewe van Moses. Volgens Ewald (1869:68) is dit een van die plekke waar Moses as persoon en die omstandighede tydens sy lewe die beste gedokumenteer is. Net Eksodus 14:18 en Eksodus 18 kan met sekerheid hiervoor geïdentifiseer word. Dertens onderskei hy die boek van die verbonde. Hierdie versameling fragmente bevat al die verbonde wat gesluit is, onder meer die verbond tussen Jakob en Laban, Isak en Abimeleg, Abraham en Abimeleg asook die verbond tussen God en Israel in Eksodus 24.

Ewald dateer hierdie fragmente as afkomstig uit die tweede deel van die tydperk van die Rigters tot ongeveer die begin van die tydperk van Simson. Ewald noem die persoon wat die verhale met mekaar verbind het *erste Erzähler* of eerste verteller. *This shows itself also in the fact that he is the first (as far as we know) who united the remote period of the three Patriarchs with the Mosaic history into one great work* (Ewald 1869:73). Hierdie eerste verteller verbind die aartsvaderverhale met die biografie van Moses en voeg ook die Dekaloog van Eksodus 20:1-17 daarby.

Die gedeeltes wat Ewald identifiseer as *Das Buch der Ursprünge* (1869:73), word deur latere geleerdes die Priestergeskrif genoem (vgl. ook Hayes (1982:39-41). Volgens Ewald is die herhaaldelike gebruik van die frase, "Hier volg die geskiedenis of geslagsregister ...", vir hom aanduidend dat die ouer fragmente met hierdie inleiding begin. Aangesien hyself 'n buitengewone belangstelling in die priesterlike wette het, noem hy hierdie eerste verteller van die boek van oorsprong 'n Leviet. Volgens hom is hierdie Leviet die *zweite Erzähler* of tweede verteller. Ewald (1869:77-78) is van mening dat hierdie fragmente uit die eerste derde van die regering van Salomo afkomstig is en deur 'n Leviet wat tydens hierdie tydperk geleef het, geskryf is. Ewald se doel was om die geskiedenis van Israel vanaf die begin van die skepping tot en met die huidige era, neer te pen.

Ewald se *drittens Erzähler* of derde verteller (1869:97-100), het die tradisies van die aartsvaders in Genesis 10:25; 20; 29-31 en die meeste van die Josefverhale (Eks. 1:15-

2:22; Num. 11; 12:6-8 en Gen. 14) versamel en bymekaar gevoeg. Vir Ewald was dit ook duidelik dat die derde verteller kennis gedra het van die eerste verteller se verhale en dit gebruik het. Hierdie verteller moes 'n inwoner van die Noordryk in die tiende of negende eeu voor Christus gewees het. Ewald se *vierte Erzähler* of vierde verteller (1869:100-106), het geleef tydens die negende en agtste eeu voor Christus toe daar 'n sterk Messiaanse verwagting geheers het. Die vierde verteller was verantwoordelik vir die verhale wat gehandel het oor die oorsprong van sonde (Gen. 3), die afvalligheid van Israel in die woestyn (Eks. 32-34) en die verhaal van Sodom en Gomorra (Gen. 18:1-19:28). Hy was ook nie bang om sekere dinge in sy tyd terug te verwys na die aartsvaders nie; die aartsvaders se aanbidding van *Jahwe* kan aan sy toedoen toegeskryf word.

Ewald se *fünfte Erzähler* of vyfde verteller (1869:106-115), het die boeke van die Pentateug en die boek van Josua bymekaargebring. Hy was egter nie die laaste redakteur van die gedeelte nie. Sy bydrae bevorder begrip aangaande Israel se verhouding met sy bure soos die Kanaäniete, Sirië, Moab en Ammon. Hierdie inligting oor Israel se verhouding met sy bure het Ewald tot die oortuiging laat kom dat die vyfde verteller tydens hierdie tydperk moes geleef het.

Volgens Ewald (1869:115-123) was die skrywer van Deuteronomium die volgende persoon wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot "Die groot boek van oorspronge". Hierdie persoon het opgetree in die tweede helfte van die regering van koning Manasse. Hy het 'n nuwe verbond van Moses aan die volk aan in Deuteronomium 27-30 aangebied. Ewald wys daarop dat Deuteronomium in 'n groot mate deur die profetiese aktiwiteite van die sewende eeu beïnvloed is en dat hierdie invloede die basis gevorm het van koning Josia se hervorming. Deuteronomium het as onafhanklike bron bestaan. Volgens Ewald was dit die werk van die laaste redakteur wat die boeke van die vyfde verteller met Deuteronomium verbind het en so die Pentateug en Josua afgesluit het. Hierdie laaste redakteur het voor die einde van die sewende eeu opgetree of net tot voor die val van Jerusalem in 587 v.C. Hiervolgens het die Pentateug en Josua hulle finale vorm dus reeds bereik voor die val van Jerusalem.

Die res van Ewald se boek bespreek breedvoerig die *The Great Book of the Kings* asook die *Latest Book of General History*. Hierdie dele is net so breedvoerig deur Ewald beskryf as die *The Great Book of Origins*; maar die fokus val in hierdie studie op die Heksateug en daar gaan vervolgens nie verder na hierdie twee dele gekyk word nie.

Ewald het van die standpunt af uitgegaan dat sy sienings reg was en dat Wellhausen, wat toe nog net 'n student was, nie oor die nodige kennis beskik het om op wetenskaplike gronde van sy leermeester te verskil nie. Wellhausen was egter nie te vinde daarvoor om die teorie net so te aanvaar nie; hy het uit die lees van Ewald se boek asook sy nagaan van die teks geen sinvolle antwoorde gekry nie. Hy was ook nog nie op daardie stadium in staat om 'n alternatiewe teorie te stel nie. Terselfdertyd was Wellhausen versigtig om sonder 'n goed gefundeerde argument van Ewald te verskil. In die klas tussen ander studente sou hy dit nie eers oorweeg het nie - Ewald was berug vir sy sarkastiese en neerhalende aanmerkings teenoor persone wat nie met hom saamgestem het nie. Selfs die opinies van bekende akademici word in sy boek met veragting van die tafel gegee: *The opinions of such as Hengstenberg, Delitzsch, Keil, Kurtz stand below and outside of all science* (Ewald 1869:64). Delitzsch se kommentaar oor Genesis word deur Ewald in Rogerson (1984:103) as waardeloos bestempel: *A more superficial, careless, empty and worthless writing on the first book of the Pentateuch than this could hardly be produced today by a doctor of theology and university teacher in Germany*. Ewald (1869:63-64) toon ook nie veel respek vir die sienings van K.D. Ilgen nie: *After I had gained some insight into the leading necessities that govern this subject, I was curious to see whether K. D. Ilgen, the only scholar of older date, who after the physician Astruc and Eichhorn, carefully examined the Book of Genesis with reference to its sources—who had discovered the true state of the case in this book, at any rate. But alas! I found that, though he occasionally takes a step on the road, he always loses it again.*

Die werk van Hupfeld en Knobel beskou Ewald (1869:64) as onbevredigend en noem dit selfs pervers: *On the more recent unsatisfactory and often perverse works of Hupfeld and Knobel I have written at length in the Jahrbucher der Biblische Wiss. v. p. 239-44,*

and Gött. Gel. Anz., 1862, p. 17-31. Ook met Reuss het hy openlik verskil; hy het dit ten doel gestel om hom persoonlik te diskwalifiseer as 'n persoon met geen respek vir die Bybel nie en wat die Christendom verloën het (Vincent 1993:102-110). Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat Ewald 'n hardkoppige persoon was wat geglo het dat hy altyd reg was; net sy sienings het logiese verklarings vir 'n klomp probleme in die Ou Testament gestel.

Ten spyte van Ewald se onversetlike houding, het Wellhausen respek en waardering vir sy leermeester gehad. Die deeglikheid en selfversekerdheid waarmee Ewald sy teorieë gebou en logies uiteengesit het, het Wellhausen genoop om Ewald se enorme bydrae tot die verstaan van Israel se geskiedenis te respekteer. Die studente van Ewald het sy metode nooit verder ontwikkel of uitgebrei nie (Smend 2007:92). Die rede hiervoor was heel moontlik omdat Ewald se hantering van die geskiedenis van Israel bloot te gekompliseerd was en nie werklik deur die meerderheid van sy studente begryp is nie. Wellhausen het waarskynlik Ewald se werk verstaan, maar nie volledig daarmee saamgestem nie, aangesien Ewald 'n meer tradisionele benadering tot die geskiedenis van Israel gevolg het (Rogerson 1984:97). Ewald het dus heelwat minder krities met die teks van die Ou Testament omgegaan as van die geleerdes voor hom. In Ewald se rekonstruksie van Israel se geskiedenis was Moses en die tyd van sy optrede baie meer substansieel gehanteer as in die werk van sy voorgangers. Ewald (1869:74-78) was ook van mening dat groot dele van die Pentateug reeds in die koningstydperk bestaan het.

Vir Wellhausen was Ewald 'n eensame figuur wat met sy skerp tong en venynige kritiek teenoor diegene wat van hom verskil het, min vriende gehad het. Hy het ook nie eintlik aanhang onder sy kollegas geniet nie weens sy meerderwaardige en selfs arrogante houding.

2.4.3 Die breuk

In 1865 voltooi Julius Wellhausen sy voorgraadse studies in die teologie. In dieselfde jaar word Hermann Hupfeld deur 'n klompie teoloë van die Hengstenberg skool aangekla van godslastering oor sy kritiese uitsprake rakende die Ou Testament (Ernst Wilhelm Hengstenberg 2011; Rogerson 1984:79). Wellhausen is ontsteld oor hierdie aanklag. Dis vir hom onverstaanbaar dat mense so oortuig kan wees van die waarheid terwyl absolute waarheid nie eens bestaan nie. Hupfeld se akademiese loopbaan oorleef die aanklag teen hom en hy word onskuldig bevind. In 1866 kry Wellhausen verdere slegte nuus: Hermann Hupfeld is oorlede en sy boek *Ausführliche Hebräische Grammatik*, onvoltooid.

Dit is vir Wellhausen tragies dat 'n teoloog van Hupfeld se statur in die laaste jare van sy lewe so onregverdig behandel is. Hy het 'n belangrike bydrae tot die studie van die Ou Testament gelewer en dit was met ongeloof dat Wellhausen die nuus van Hupfeld se dood ontvang het. Min het hy egter besef dat 'n soortgelyke lotsbestemming hom ook inwag.

Die jare 1865 tot 1867 was moeilike jare in Wellhausen gelewe het. Sy doktorsale studies neem baie tyd in beslag, tog voel dit vir Wellhausen asof sy studies 'n doodloopstraat bereik het (2004:12). Hy ervaar die verhalende gedeeltes van die Ou Testament as genotvol, maar die regs materiaal vind hy frustrerend. Alhoewel hy onderrig is dat hierdie materiaal die basis van die Ou-Testamentiese literatuur is, ervaar hy dit as belemmerend. Hy vind dit moeilik om die verband tussen die regs materiaal en die verhalende tekste raak te sien as hy eers die regs materiaal gelees het. Ander geleerdes se skrywe hieroor spreek ook nie sy frustrasie daarvoor aan nie.

In hierdie tyd verskil Wellhausen en Ewald al meer oor politiek en die interpretasie van die geskiedenis van Israel. Hulle argumenteer ook oor die kritiese manier waarop die Ou Testament benader moet word - Ewald beywer hom vir 'n meer tradisionele siening terwyl Wellhausen saamstem met die benadering van De Wette, Hupfeld, Reuss en

Graf. 'n Kwessie wat voortdurend opduik is die aspek oor die datering van die regsmateriaal. Wellhausen vind Ewald uiters onverdraagsaam en besef dat hulle op talle terreine al verder uitmekaar dryf. Alhoewel Wellhausen Ewald as sy mentor gerespekteer het, besluit hy om nie langer stil te bly oor die dinge waaroor hulle nie saamstem nie. Hulle verskille lei tot hewige argumente en Wellhausen word bewus van 'n antagonistiese houding wat Ewald teenoor hom ontwikkel (Smend 2007:92).

In 1867 weier Ewald om trou te sweer aan Koning Willem en dit word 'n strydpunt tussen hom en sy student (Smend 1982:6). Wellhausen, reeds besig met sy nagraadse studies, beskuldig Ewald daarvan dat hy kortsigtig is om sy akademiese loopbaan op die spel te plaas vir 'n politieke oortuiging. Hy weier om saam met Ewald standpunt in te neem teen Bismarck en Koning Willem; vir Ewald is dit 'n ernstige terugslag wat hy nie kan aanvaar nie. 'n Verdere brandpunt is Ewald se interpretasie van die bronvolgorde van die Heksateug waarmee Wellhausen nie saamstem nie, asook Wellhausen se siening dat 'n studie van die Ou Testament slegs aan die hand van 'n kritiese, historiese en wetenskaplike metode, behoort te geskied – 'n benadering waarvan Ewald hewig verskil.

In die somer van 1867 steek Wellhausen die Rubicon oor en ervaar hy 'n jaar vol geluk. Albrecht Ritschl (1822–1889), professor in teologie by die Universiteit van Göttingen, ontmoet vir Wellhausen en verneem van sy geweldige worsteling met die regsmateriaal van die Ou Testament. Aangesien Ritschl eerder op die Nuwe Testament konsentreer, spreek hy nie 'n opinie daaroor uit nie maar verwys hom na sy goeie vriend Graf se siening dat die regsmateriaal van die Pentateug die oudste gedeeltes van die Ou Testament is. Volgens Ritschl het Graf die regsmateriaal na die profete geplaas.

Hierdie was opwindende nuus vir Wellhausen en hy het dadelik aan die werk gespring om die teorie van Graf te ondersoek. Vir Wellhausen (2005:12) wat nog altyd aangegryp was deur die historiese en profetiese boeke van die Ou Testament, maar geworstel het met die regsmateriaal daarvan, kon Graf se datering 'n welkome alternatief bied.

Dit sou hom ook gerusstel in sy bekommernis dat hy besig is met die bestudering van die “dak” (historiese en profetiese boeke) eerder as die fondasie (regsmateriaal). Wellhausen ervaar Graf se latere datering van die regsmateriaal as bevrydend (2004:12) en beskryf dit as volg: *At last, in the course of a casual visit in Göttingen in the summer of 1867, I learned through Ritschl that Karl Heinrich Graf placed the law later than the Prophets, and, almost without knowing his reasons for the hypothesis, I was prepared to accept it; I readily acknowledged to myself the possibility of understanding Hebrew antiquity without the book of the Torah.*

Hierdie was die deurbraak waarvoor hy gehoop het; skielik was sy studies weer sinvol. Graf se siening was die begin van ’n radikale denkskuif wat sou plaasvind ten opsigte van die datering van die Priestergeskrif (Blenkinsopp 2004:31). Vir jare is geglo dat die Elohis of *Grundschrift* die oudste bron was. Die Reuss-Graf-Kuenen-Wellhausen teorie vervang hierdie siening met ’n teorie wat beweer dat hierdie dokument van priesterlike oorsprong is; dat dit die Priestergeskrif (P) moet heet en dat dit uit die eksiliese en na-eksiliese tydperk dateer (Schmidt 1982:49).

1870 is vir Wellhausen ’n jaar van gemengde gevoelens. Hy verwerf sy doktorsgraad en sy verhandeling heet *De Gentibus et Familis Judaeis* – met die geslagsregisters van die Ou Testament as tema. Sy trotse ouers woon die gradeplegtigheid by die Universiteit van Göttingen by. Vir Wellhausen plaas die finale breuk tussen hom en Ewald egter ’n demper op die vreugdevolle gebeure. Nadat Ewald bewus geword het van Wellhausen se talle verskille ten opsigte van sy sienings, het hy hom sy kantoor belet (Smend 2007:94). Selfs by die gradeplegtigheid het Ewald vir Wellhausen vermy. Alhoewel Wellhausen van mening was dat hulle, soos altyd, die argumente te bowe sou kom, blyk die breuk egter finaal te wees aangesien Ewald vir Wellhausen ignoreer en geen blyke van erkenning vir sy akademiese prestasie gee nie.

2.5 Wellhausen se akademiese loopbaan begin

Wellhausen was baie verlig daaroor dat hy toegelaat word as inwonende toesighouer by die Universiteit van Göttingen se teologiese koshuis (Smend 2007:94). Dit sou sy nagraadse studie heelwat vergemaklik. Hy was aanvanklik bekommerd dat Ewald 'n stokkie daarvoor sou probeer steek. Wellhausen het nie die voorreg van die ander studente geniet om deur sy mentor aan die res van die dosente van die teologiese fakulteit voorgestel te word nie (Smend 1991:173). Ofskoon hierdie isolasie hom gehinder het, het dit hom nie van stryk gebring nie. In 1871 verskyn sy volgende werk onder die titel *Der Text Der Bucher Samuelis Untersucht*. Hierin voer hy aan dat die bestaande Hebreeuse teks van die boeke 1 Sameul en 2 Sameul onverstaanbaar en korrup is. Deur al die Hebreeuse bewyse tesame met die vroeë Griekse vertaling van die Septuagint te gebruik, het Wellhausen in hierdie werk gepoog om 'n meer korrekte teks daar te stel.

Wellhausen het gou besef dat hy nooit finansieel die mas gaan opkom as 'n koshuisvader nie (Smend 2007:94). Hy was van voorneme om in die toekoms te trou en kinders te hê; hy sou 'n permanente pos met 'n vaste inkomste moes verseker. Hy het geweet dat hy vinnig iewers 'n vaste aanstelling as 'n professor sou moes kry. Alhoewel Wellhausen nie langer op Ewald kon staatmaak vir ondersteuning nie, word hy bygestaan deur August Dillmann, 'n kennis van Ewald. Hy doen aansoek om 'n betrekking by die Universiteit van Greifswald. Die komitee wat oor Wellhausen se aansoek moes besluit was verdeeld oor sy geskiktheid vir die pos: enersyds het hy nie aanbevelings of verwysings deur middel van 'n mentor of gemeente vir hom gehad nie; andersyds was hy 'n bekwame akademikus met goeie kwalifikasies. Na afloop van die onderhoud het die raad egter by wyse van debat tot die besluit gekom om Wellhausen as dosent aan te stel.

Wellhausen beklee die pos by Greifswald vir tien jaar vanaf 1872 tot 1882 (Smend 2007:94). Hy verdien vinnig die respek en aanvaarding van sy kollegas op grond van uitstekende vakkennis en 'n aangename persoonlikheid.

In 1877 tree hy in die huwelik met Marie Limpricht, een van sy universiteitskollegas se dogter. In 1874 verskyn sy derde boek met die titel *Die Pharisäer und die Sadducäer. Eine Untersuchung zur inneren jüdischen Geschichte*. In hierdie boek het hy die aanname dat die verskil tussen die Sadduseërs en die Fariseërs bloot dogmaties van aard was, bestry. Volgens hom is die groot verskil tussen die twee partye gegrond op hulle uiteenlopende lewensperspektiewe. Die een groep was meer polities georiënteer en die ander meer godsdienstig.

2.6 Opsommende aantekeninge

In hierdie hoofstuk is daar opsommenderwys verhaal oor Wellhausen se jeug, die redes vir sy teologiese studies aan die Universiteit van Göttingen en die impak van sy mentor Heinrich Ewald op sy lewe. Uitsprake en boeke wat hom baie beïnvloed het in hierdie tyd was *Das Leben Jesu* (1972) van D.F. Strauss en die *Geschichte des Volkes Israel* van Heinrich Ewald (Smend 2007:92). Laasgenoemde se boek asook sy liefde van jongsaf vir die verhalende gedeeltes van die Ou Testament, het grotendeels bygedra tot sy keuse van die Ou Testament as fokus van sy studies. Hy besluit ook om 'n grondige kennis van antieke tale te verkry ten einde die Ou Testament bevredigend te ontsluit.

Die rol van Heinrich Ewald in Wellhausen se lewe word ook in hierdie hoofstuk belig. Ewald het 'n groot invloed gehad op Wellhausen se vorming as teoloog. Hulle verhouding is gekenmerk deur goeie en slegte tye; Wellhausen se weiering om Ewald te ondersteun in sy verset teen die Pruisiese regering het egter tot 'n bittere stryd en finale skeuring tussen die twee geleerdes gelei (Smend 2007:92-94). Die wyse waarop Ewald in sy boek *Geschichte des Volkes Israel* die geskiedenis van Israel geïnterpreteer het, het Wellhausen gelei om sy eie standpunt te formuleer. Aanvanklik het Ewald se siening dat die regs materiaal die ouer gedeeltes van die Pentateug is, vir Wellhausen verwar; dit was eindelik ook die vonk wat hom gemotiveer het om 'n meer aanvaarbare oplossing vir sy probleem te vind (Wellhausen 2004:12).

In hierdie hoofstuk is die rol van Wellhausen nog baie op die agtergrond - hy observeer en leer. Op die voorgrond is die ander akteurs egter besig om 'n basis te lê vir Wellhausen, op wie die aandag later volledig gefokus sal word. Alhoewel Wellhausen die erkenning ontvang as vader van die klassieke bronneteorie in die Ou-Testamentiese wetenskap, mag die rolle wat die ander akteurs gespeel het ter voorbereiding van sy toetrede tot die drama, nooit gering geag word nie. 'n Graff-Wellhausen teorie sou nooit sy beslag gekry het as dit nie was vir die ondersteunende rolle van De Wette, Reuss, George, Vatke en Kuenen nie.